

1 SH'MU'ĒL

1 Samuel

1 Daar was 'n sekere man uit Ramat-ajim-Tsofim, uit die gebergte van Efrajim, en sy naam was Elkana, die seun van Jeroḥam, die seun van Elihu, die seun van Tohu, die seun van Tsuf, 'n Efrajimiet.

² En hy het twee vrouens gehad. Die naam van die een was Ḥanna, en die naam van die ander was Peninna. En Peninna het kinders gehad, maar Ḥanna het geen kinders gehad nie.

³ En hierdie man het van jaar tot jaar opgegaan uit sy stad om te aanbid en te offer aan יהוה van die leërskaare in Shilo, waar die twee seuns van Ēli, Ḥofni en Pineḥas, priesters van יהוה was.

⁴ En op 'n dag het Elkana geoffer en aan sy vrou Peninna en al haar seuns en haar dogters dele van die offervleis gegee;

⁵ maar alhoewel hy Ḥanna liefgehad het, hy aan Ḥanna een deel gegee, omdat יהוה haar moederskoot toegesluit het.

⁶ En haar teëstander het haar ook grootliks getart om haar te vertoorn, omdat יהוה haar moederskoot toegesluit het.

⁷ So het hy gedoen van jaar tot jaar. Wanneer sy opgaan in die Huis van יהוה, is sy so getart, dat sy gehuil het en nie wou eet nie.

⁸ En haar man Elkana sê vir haar: "Ḥanna, waarom huil jy? Waarom eet jy nie? En waarom is jou hart bedroef? Is ek vir jou nie beter as tien seuns nie?"

⁹ Ḥanna het toe nadat hulle geëet en nadat hulle gedrink het, opgestaan in Shilo, terwyl die priester Ēli op die stoel by die deurpos van die tempel van יהוה gesit het.

¹⁰ En baie bedroef het sy יהוה gesmeek en bitterlik gehuil.

¹¹ En sy het 'n gelofte gedoen en gesê: "יהוה van die leërskaare, indien U waarlik die ellende van U dienaars aansien en

aan my dink en U dienaars nie vergeet nie, maar U dienaars 'n manlike kind skenk, dan sal ek hom aan יהוה gee al die dae van sy lewe, en geen skeermes sal op sy kop kom nie."

¹² En soos sy aangehou bid het voor יהוה, het Ēli haar mond dopgehou,

¹³ want Ḥanna het in haar hart gepraat, net haar lippe het geroer, maar haar stem kon nie gehoor word nie, en Ēli het gedink dat sy dronk was.

¹⁴ En Ēli het vir haar gesê: "Hoe lank gaan jy dronk wees? Sit jou wyn van jou af weg."

¹⁵ Maar Ḥanna het geantwoord en gesê: "Nee, my meester, ek is 'n vrou gepynig in my gees. Ek het geen wyn of sterk drank gedrink nie, maar ek het my wese voor יהוה uitgestort.

¹⁶ "Hou tog nie u dienaars vir 'n dogter van Balijaäl nie, want weens my baie sorg en verdriet het ek tot nou toe gepraat."

¹⁷ En Ēli het geantwoord en gesê: "Gaan in vrede, en mag die Elohim van Jisra'el jou versoek gee wat jy van Hom gevra het."

¹⁸ En sy het gesê: "Mag u dienaars guns in u oë vind." Die vrou het toe daar weggegaan, en sy het geëet en haar gesig was anders.

¹⁹ En hulle het die môre vroeg opgestaan en voor יהוה aanbid en teruggegaan en by hulle huis in Rama gekom. En Elkana het sy vrou Ḥanna beken, en יהוה het aan haar gedink.

²⁰ En dit het gebeur met die wisseling van die jaar het Ḥanna, wat swanger was, 'n seun gebaar en hom Sh'mu'el genoem, want, het sy gesê, "Ek het hom van יהוה gevra."

²¹ En die man Elkana het met sy hele

1 SH'MU'ĒL 2

huisgesin opgegaan om aan יהוה die jaarlikse offer en sy gelofte-offer te bring.

²² Maar Hanna het nie opgegaan nie, want sy het aan haar man gesê: "Wanneer die seun gespeen is, sal ek hom bring, dat hy voor יהוה kan verskyn en daar vir altyd bly."

²³ En haar man Elkana het aan haar gesê: "Doen wat goed is in jou oë. Bly totdat jy hom gespeen het. Mag יהוה net Sy woord bevestig." Die vrou het toe gebly en haar seun gesoog totdat sy hom gespeen het.

²⁴ En nadat sy hom gespeen het, het sy hom met haar saam geneem, met drie bulle en 'n efa meel en 'n sak wyn, en sy het hom gebring in die Huis van יהוה in Shilo. En die seun was nog jonk.

²⁵ En hulle het die bul geslag en die seun na Ēli gebring.

²⁶ En sy het gesê: "Ag, my meester, so waar as u wese leef, my meester, ek is die vrou wat hier by u gestaan het om tot יהוה te bid.

²⁷ "Vir hierdie seun het ek gebid, en יהוה het aan my gegee wat ek van Hom gevra het.

²⁸ "So leen ek hom dan ook aan יהוה. Al die dae wat hy leef is hy aan יהוה geleen." En hy het יהוה daar aanbid.

2 En Hanna het gebid en gesê: "My hart jubel in יהוה, my horing is hoog in יהוה. My mond is wyd oop oor my vyande, want ek verheug my in U verlossing.

² "Niemand is afgesonderd soos יהוה nie. Ja, daar is niemand buiten U, en daar is geen rots soos ons Elohim nie.

³ "Moenie meer so trots, trots praat nie, laat arrogansie nie uit julle mond kom nie, want יהוה is 'n Ēl van kennis, en by Hom word die dade geweeg.

⁴ "Die boë van die helde is verbreek, maar die wat gestruikel het, is met krag omgord.

⁵ "Die versadigdes, het hulle vir brood verhuur en die wat honger gehad het, het opgehou. Selfs die onvrugbare het sewe gebaar, maar sy wat ryk aan

kinders was, het verwelk.

⁶ "יהוה maak dood en maak lewend, Hy laat neerdaal in Sheōl en rig op.

⁷ "יהוה maak arm en maak ryk, Hy verneder en verhoog.

⁸ "Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle 'n troon van aansien te laat erf. Want aan יהוה behoort die pilare van die aarde, en Hy het die wêreld daarop gevestig.

⁹ "Die voete van Sy toegewydes bewaar Hy, maar die bese mense kom om in duisternis, want 'n mens oorwin nie deur krag nie.

¹⁰ "Die wat יהוה teestaan, word verpletter, van die hemel donder Hy oor hulle. יהוה oordeel die eindes van die aarde, en Hy gee sterkte aan Sy koning en verhef die horing van Sy gesalfde."

¹¹ En Elkana het na sy huis, na Rama, gegaan, terwyl die seun by die priester Ēli יהוה gedien het.

¹² Maar die seuns van Ēli was seuns van Balijaäl. Hulle het יהוה nie geken nie.

¹³ Die reëling van die priesters teenoor die volk was só: Wanneer iemand 'n offer geslag het, dan het die dienaar van die priester met die drietand vleishoek in sy hand gekom, net wanneer die vleis gaar word,

¹⁴ en in die kastrol of in die pot of in die pan of in die skottel gestee. Alles wat die vurk opgetrek het, het die priester vir homself geneem. So het hulle met al die Jisra'ëliete gedoen wat daar, in Shilo, gekom het.

¹⁵ Selfs voordat hulle die vet verbrand het, het die dienaar van die priester gekom en aan die man wat slag gesê: "Gee vleis om vir die priester te braai, want hy sal nie gaar vleis nie, maar net rou van jou neem."

¹⁶ Indien die man vir hom gesê het: "Laat die vet eers verbrand, neem dan vir jou soos jou wese begeer," dan het hy gesê: "Nee, maar jy moet dit nou gee, en so nie, neem ek dit met geweld."

¹⁷ En die sonde van die jongmans was

1 SH'MU'ĒL 3

baie groot voor יהוה, want die mans het die offer aan יהוה verag.

¹⁸ Maar Sh'mu'ēl het voor יהוה gedien, 'n seun omgord met 'n linne-skouerkleed.

¹⁹ En sy moeder het vir hom 'n klein manteltjie gemaak wat sy van jaar tot jaar vir hom gebring het wanneer sy met haar man opgegaan het om die jaarlikse offer te slag.

²⁰ En Ēli het Elkana en sy vrou geseën en gesê: "Mag יהוה jou 'n nageslag gee uit hierdie vrou vir die versoek wat aan יהוה gegee is." Dan het hulle na hul woonplek gegaan.

²¹ En יהוה het Hanna besoek, sodat sy swanger geword en nog drie seuns en twee dogters gebaar het. En die seun Sh'mu'ēl het groot geword by יהוה.

²² En Ēli was baie oud, en hy het alles gehoor wat sy seuns aan die hele Jisra'el doen, en dat hulle lê met die vrouens wat dien by die ingang van die tent van samekoms.

²³ En hy het vir hulle gesê: "Waarom doen julle sulke dinge? Want ek moet van hierdie hele volk julle bese dingetjies hoor.

²⁴ "Nee, my seuns! Want dit is geen goeie gerug wat ek hoor nie. Julle maak dat die volk van יהוה oortree.

²⁵ "Indien mens teen 'n ander sondig, dan beslis Elohim oor hom, maar indien 'n mens teen יהוה sondig, wie sal dan vir hom bid?" Maar hulle het nie na hul vader geluister nie, want יהוה wou hulle doodmaak.

²⁶ En die seun Sh'mu'ēl het gegroei in grootte en was in guns by יהוה sowel as by die mense.

²⁷ En daar het 'n man van Elohim by Ēli gekom en vir hom gesê: "So sê יהוה: 'Het Ek My nie duidelik geopenbaar aan die huis van jou vader toe hulle in Mitsrajim in die huis van Par'o was nie?

²⁸ 'En Ek het hom vir My as priester gekies uit al die stamme van Jisra'el om op My altaar te klim om die reukwerk te brand, om die skouerkleed voor My te dra. En het Ek nie aan die huis van jou

vader al die vuuroffers van die kinders van Jisra'el gegee nie?

²⁹ 'Waarom verag julle My slagoffer en My offer wat Ek in My woning beveel het, en ag jy jou seuns bo My deur julle vet te voer met die beste van elke offergawe van My volk Jisra'el?'

³⁰ "Daarom sê יהוה, die Elohim van Jisra'el: 'Ek het wel duidelik gesê dat jou huis en die huis van jou vader sal voor My wandel tot in ewigheid.' Maar nou sê יהוה: 'Dit is ver van My, want die wat My ag, sal Ek ag, maar die wat My verag, sal lig geag wees.

³¹ 'Kyk, die dae kom dat Ek jou arm en die arm van jou vader se huis sal afkap, sodat daar geen ou man in jou huis sal wees nie.

³² 'Dan sal jy 'n vyand in My woning sien, ten spyte van alles wat Hy vir Jisra'el goed sal doen, en daar sal vir ewig nie 'n ou man in jou huis wees nie.

³³ 'Maar die een van jou wat Ek nie van My altaar sal afkap nie, sal wees om jou oë te laat wegwyn en jou lewe te bedroef, en al die aangroei van jou huis sal as mans sterf.

³⁴ 'En dit sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hōfni en Pinehas, sal kom: Op een dag sal hulle altwee sterf.

³⁵ 'En Ek sal vir My 'n getroue priester verwek wat sal handel soos dit in My hart en in My wese is. En Ek sal vir hom 'n bestendige huis bou, sodat hy al die dae voor die aangesig van My gesalfde kan wandel.

³⁶ 'En almal wat in jou huis oorbly, sal kom om hulle voor hom neer te buig vir 'n geldstukkie en 'n broodjie, en hulle sal sê: "Voeg my tog by een van die priesterordes, dat ek 'n stukkie brood kan eet.'"

3 En die seun Sh'mu'ēl het יהוה gedien voor Ēli. En die woord van יהוה was skaars in daardie dae - visioene het nie uitgebreek nie.

² En dit het gebeur in dié tyd dat terwyl Ēli op sy plek gelê het. Sy oë het al begin swak word, sodat hy nie kon sien nie.

1 SH'MU'ĒL 4

³ En die lamp van Elohim het nie doodgegaan nie, en Sh'mu'Ēl het gelê in die tempel van יהוה waar die ark van Elohim was.

⁴ En יהוה het Sh'mu'Ēl geroep, en hy het geantwoord: "Hier is ek."

⁵ Hy het na Ēli gehardloop en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Maar hy het gesê: "Ek het nie geroep nie. Gaan lê maar weer." Hy het toe geloop en gaan lê.

⁶ En יהוה het Sh'mu'Ēl weer geroep. En Sh'mu'Ēl het opgestaan en na Ēli gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Maar hy het gesê: "Ek het nie geroep nie, my seun. Gaan lê maar weer."

⁷ Maar Sh'mu'Ēl het יהוה nog nie geken nie en die woord van יהוה was nog nie aan hom geopenbaar nie.

⁸ En יהוה het Sh'mu'Ēl vir die derde maal weer geroep. En hy het opgestaan en na Ēli gegaan en gesê: "Hier is ek, want u het my geroep." Toe het Ēli besef dat יהוה die seun geroep het.

⁹ Ēli vir het toe vir Sh'mu'Ēl gesê: "Gaan lê, en wanneer Hy jou roep, moet jy sê: 'Praat, יהוה, want U dienaar hoor.'" En Sh'mu'Ēl het geloop en op sy plek gaan lê.

¹⁰ En יהוה het gekom en gaan staan en geroep soos die vorige kere: "Sh'mu'Ēl! Sh'mu'Ēl!" En Sh'mu'Ēl het gesê: "Praat, want U dienaar hoor."

¹¹ En יהוה het aan Sh'mu'Ēl gesê: "Kyk, Ek gaan 'n ding doen in Jisra'Ēl waarvan elkeen wat dit hoor, se twee ore sal tuit.

¹² "Daardie dag sal Ek aan Ēli alles vervul wat Ek oor sy huis gesê het, van begin tot einde.

¹³ "Want Ek het vir hom gesê dat Ek sy huis oordeel tot in ewigheid oor die ongeregtigheid waarvan hy geweet het, want toe sy seuns 'n vloek oor hulleself gebring het, het hy hulle nie bestraf nie.

¹⁴ "En daarom het Ek aan die huis van Ēli gesweer dat die ongeregtigheid van die huis van Ēli waarlik tot in ewigheid nie deur slagoffer of graanoffer versoen sal word nie."

¹⁵ En Sh'mu'Ēl het tot die môre toe bly lê, en hy het die deure van die huis van יהוה ooggemaak. En Sh'mu'Ēl was bang om die visioen aan Ēli te vertel.

¹⁶ En Ēli het Sh'mu'Ēl geroep en gesê: "Sh'mu'Ēl, my seun!" En hy het gesê: "Hier is ek."

¹⁷ En hy het gesê: "Wat is die woord wat Hy aan jou gesê het? Verberg dit asseblief nie vir my nie. Mag Elohim so aan jou doen en nog meer indien jy iets van al die woorde wat Hy aan jou gesê het, vir my verberg."

¹⁸ En Sh'mu'Ēl het hom al die woorde vertel, en niks vir hom verberg nie. En hy het gesê: "Hy is יהוה. Laat Hom doen wat goed is in Sy oë."

¹⁹ En Sh'mu'Ēl het groot geword, en יהוה was met hom en Hy het nie een van al sy woorde op die grond laat val nie.

²⁰ En die hele Jisra'Ēl van Dan tot Be'ěr-Sheḇa het geweet dat Sh'mu'Ēl as 'n profeet van יהוה is bevestig was.

²¹ En יהוה het weer verskyn in Shilo, want יהוה het Hom geopenbaar aan Sh'mu'Ēl in Shilo deur die woord van יהוה.

4 En die woord van Sh'mu'Ēl het tot die hele Jisra'Ēl gekom. En Jisra'Ēl het uitgetrek vir die geveg teen die Palishtim, en hulle het laer opgeslaan by Eḇen Ha'ëser, en die Palishtim het laer opgeslaan by Afëk.

² En die Palishtim het hul opgestel om Jisra'Ēl te ontmoet. En toe die geveg ontwikkel, is Jisra'Ēl deur die Palishtim verslaan. En hulle het omtrent vier duisend man van die leër in die veld doodgeslaan.

³ En toe die mans die laer inkom, het die oudstes van Jisra'Ēl gesê: "Waarom het יהוה ons vandag voor die Palishtim verslaan? Laat ons die verbondsark van יהוה uit Shilo na ons toe bring, dat Hy in ons midde kan kom en ons uit die hand van ons vyande verlos."

⁴ En die mans het na Shilo gestuur, en hulle het die verbondsark van יהוה van die leërskeure wat tussen die kërups

1 SH'MU'ĒL 5

woon, daarvandaan gaan haal. En die twee seuns van Ēli, Ḥofni en Pineḥas, was daar by die verbondsark van Elohim.

⁵ En toe die verbondsark van יהוה in die laer gekom het, het die hele Jisra'el 'n groot krygsgekreeu aangeheg, sodat die aarde gedreun het.

⁶ En toe Palishtim die geluid van die gejuig gehoor het, het hulle gesê: "Watter geluid van 'n groot krygsgekreeu is dit in die laer van die Ibrim?"

En toe hulle verneem het dat die ark van יהוה in die laer gekom het,

⁷ het die Palishtim bang geword, want hulle het gesê: "Elohim het in die laer gekom!" En hulle het gesê: "Wee ons! Want so iets het gister en eergister nie gebeur nie.

⁸ "Wee ons! Wie sal ons red uit die hand van hierdie magtige Elohim? Dit is dieselfde Elohim wat die Mitsrim met allerhande plaë getref het in die woestyn.

⁹ "Wees dapper en wees mans, Palishtim, dat julle nie miskien die Ibrim dien soos hulle julle gedien het nie. Wees mans, en veg!"

¹⁰ Toe het die Palishtim geveg, en Jisra'el is verslaan, sodat hulle gevlug het, elkeen na sy tent toe. En die slagting was baie groot, en van Jisra'el het daar dertig duisend voetsoldate geval.

¹¹ Die ark van Elohim is ook geneem, en die twee seuns van Ēli, Ḥofni en Pineḥas, het gesterf.

¹² En 'n man van Benjamin het van die slagveld af gehardloop en dieselfde dag in Shilo aangekom met geskeurde klere en grond op sy kop.

¹³ En hy het ingekom, en Ēli gesien sit op 'n stoel aan die kant van die pad en uitkyk, want sy hart het gebewe oor die ark van Elohim. En die man het in die stad gekom en dit vertel, en die hele stad het geskreeu.

¹⁴ En Ēli het die geluid van die geskreeu gehoor, en hy het gesê: "Wat is dit vir 'n lawaaierige rumoer?" En die man het haastig gekom en Ēli vertel.

¹⁵ Ēli was agt en negentig jaar oud, en sy

oë was dof, sodat hy nie kon sien nie.

¹⁶ En die man het vir Ēli gesê: "Dit is ek wat van die geveg gekom het. En ek het vandag van die geveg gevlug." En hy het gesê: "Wat het daar gebeur, my seun?"

¹⁷ En die boodskapper het geantwoord en gesê: "Jisra'el het voor die Palishtim gevlug, en daar was ook 'n groot slagting onder die volk. En u twee seuns, Ḥofni en Pineḥas, het ook gesterf, en die ark van Elohim is geneem."

¹⁸ En dit het gebeur toe hy melding gemaak het van die ark van Elohim, het hy agteroor van die stoel afgeval aan die kant van die poort, en hy het sy nek gebreek en gesterf, want die man was oud en swaar. En hy het Jisra'el veertig jaar lank gerig.

¹⁹ En sy skoondogter, Pineḥas se vrou, was swanger, gereed om geboorte te gee. En toe sy die tyding gehoor het dat die ark van Elohim geneem is, en dat haar skoonvader en haar man gesterf het, het sy haar krom gebuig en geboorte gegee, want haar pyn het haar oorval.

²⁰ En ongeveer die tyd wat sy dood is, het die vrouens wat by haar gestaan het gesê: "Wees nie bevrees nie, want jy het 'n seun gebaar." Maar sy het nie geantwoord of dit nie ter harte geneem nie.

²¹ En sy het die seuntjie Iḳabod genoem en gesê: "Die aansien is uit Jisra'el weggevoer!" omdat die ark van Elohim weggeneem is en weens haar skoonvader en haar man.

²² En sy het gesê: "Die aansien het Jisra'el verlaat, omdat die ark van Elohim geneem is."

5 En die Palishtim het die ark van Elohim geneem en dit van Eben Haëser af na Ashdod gebring.

² En die Palishtim het die ark van Elohim geneem en dit in die huis van Dagon gebring en dit langs Dagon neergesit.

³ En kyk, die Ashdodiete het vroeg die volgende oggend opgestaan, en hulle het Dagon met sy gesig op die grond gesien voor die ark van יהוה lē. En hulle het Dagon geneem en hom weer op sy plek

gesit.

⁴ En die volgende oggend het hulle vroeg opstaan, en hulle het Dagon met sy gesig op die grond gesien voor die ark van יהוה lē, maar die kop van Dagon en sy twee handpalms het afgebreek op die drumpel gelē. Net Dagon self het oorgebly.

⁵ Daarom trap die priesters van Dagon en almal wat die huis van Dagon ingaan, tot vandag toe nie op die drumpel van Dagon in Ashdod nie.

⁶ Maar die hand van יהוה was swaar op die Ashdodiete, en Hy het hulle verskrik en hulle met gewasse getref – Ashdod en sy grondgebied.

⁷ Toe die mans van Ashdod gesien het dat dit so gaan, het hulle gesê: “Laat die ark van die Elohim van Jisra'ël nie by ons bly nie, want Sy hand druk swaar op ons en op Dagon, ons eloah.”

⁸ Hulle het toe gestuur en al die vorste van die Palishtim by hulle byeen laat kom en gesê: “Wat moet ons met die ark van die Elohim van Jisra'ël doen?” En hulle het gesê: “Laat die ark van die Elohim van Jisra'ël oorgaan na Gat toe.” En hulle het die ark van die Elohim van Jisra'ël oorgeneem.

⁹ En dit het gebeur nadat hulle dit oorgeneem het, was die hand van יהוה teen die stad met 'n baie groot vernietiging. En Hy het die mense van die stad getref, van die kleinste tot die grootste, sodat gewasse aan hulle uitgebreek het.

¹⁰ Hulle het toe die ark van Elohim na Ekron gestuur. Maar toe die ark van Elohim in Ekron kom, het die Ekroniete geskreeu en gesê: “Hulle het die ark van die Elohim van Jisra'ël na ons toe oorgebring om ons en ons volk dood te maak!”

¹¹ En hulle het gestuur en al die vorste van die Palishtim byeen laat kom en gesê: “Stuur die ark van die Elohim van Jisra'ël weg, dat dit na sy plek kan teruggaan en ons en ons volk nie doodmaak nie.” Want daar het 'n dodelike vernietiging in die hele stad gekom – die

hand van Elohim was baie swaar daar.

¹² En die mense wat nie gesterf het nie, is met gewasse getref, en die hulpgeroep van die stad het na die hemel opgeklim.

6 En toe die ark van יהוה sewe maande lank in die land van die Palishtim was, ² het die Palishtim die priesters en die waarsëers geroep en gesê: “Wat moet ons met die ark van יהוה doen? Laat ons weet hoe ons dit na sy plek moet weg-stuur.”

³ En hulle het gesê: “Indien julle die ark van die Elohim van Jisra'ël wegstuur, stuur dit dan nie leeg weg nie, maar stuur dit aan Hom met 'n skuldoffer terug. Dan sal julle gesond word, en dit sal aan julle bekend word waarom Sy hand nie van julle wyk nie.”

⁴ En hulle het gesê: “Wat is die skuldoffer wat ons Hom moet teruggee?” En hulle het gesê: “Die getal van die vorste van die Palishtim: vyf goue gewasse en vyf goue muise. Want een plaag was oor julle almal en oor julle vorste.

⁵ “Maak dan beelde van julle gewasse en beelde van julle muise wat die land verniel, en gee agting aan die Elohim van Jisra'ël. Miskien sal Hy Sy hand lig oor julle en julle elohim en julle land.

⁶ “Waarom tog sal julle jul hart verhard soos die Mitsrim en Par'o hulle hart verhard het? Toe Hy deeglik met hulle gehandel het, het hulle hul nie weggestuur en hulle het gegaan nie?

⁷ “En nou, neem dan maak 'n nuwe wa, ook twee melkkoeie waarop geen juk gekom het nie, span dan die koeie voor die wa in. En keer hulle kalwers agter hulle weg huis toe.

⁸ “Neem dan die ark van יהוה en sit dit op die wa. En die goue voorwerpe wat julle Hom as skuldoffer teruggee, moet julle in 'n kisse langsaa plaas. Stuur dit dan weg en dit sal gaan.

⁹ “En julle sal sien, indien dit in die rigting van sy eie grens na Bêt-Shemesh opgaan, dan het Hy ons hierdie groot kwaad aangedoen. Maar indien nie, dan weet ons dat Sy hand ons nie getref het

1 SH'MU'ĒL 7

nie – dit was toevallig oor ons.”

¹⁰ Die mans het toe so gemaak en hulle het twee melkkoeie geneem en voor die wa gespan en hulle kalwers by die huis teruggehou.

¹¹ En hulle het die ark van יהוה op die wa gesit en die kisse met die goue muise en die beelde van hulle gewasse.

¹² En die koeie het reguit padlangs geloop in die rigting van Bêt-Shemesh, hulle het op die een grootpad geloop en bulk sonder om regs of links uit te draai. En die vorste van die Palishtim het agter hulle aan gegaan tot by die grens van Bêt-Shemesh.

¹³ En *die mense* van Bêt-Shemesh was juis besig om die koringoes af te sny in die vallei. En hulle het hul oë opgeslaan en die ark gesien, en hulle het hul verheug om dit te sien.

¹⁴ En die wa het by die land van Jahoshua van Bêt-Shemesh gekom en daar gaan staan en daar was 'n groot klip. En hulle het die hout van die wa gekloof en die koeie as 'n brandoffer aan יהוה geoffer.

¹⁵ En die Leviëte het die ark van יהוה afgehaal met die kisse wat daarby was, waar die goue voorwerpe in was, en op die groot klip neergesit. En die mans van Bêt-Shemesh het dieselfde dag aan יהוה brandoffers geoffer en slagoffers geslag.

¹⁶ En toe die vyf vorste van die Palishtim dit gesien het, het hulle dieselfde dag na Ekron teruggegaan.

¹⁷ En dit is die goue gewasse wat die Palishtim as 'n skuldoffer aan יהוה teruggegee het: een vir Ashdod, een vir Asa, een vir Ashkelon, een vir Gat, een vir Ekron.

¹⁸ En die goue muise was volgens die getal van al die stede van die Palishtim wat aan die vyf vorste behoort het, van die vesting stede sowel as van die plattelandse dorpe. En die groot klip waar hulle die ark van יהוה op neergesit het, is tot vandag toe daar op die stuk land van Jahoshua, van Bêt-Shemesh.

¹⁹ En Hy het onder die mense van Bêt-

Shemesh 'n slagting aangerig, omdat hulle in die ark van יהוה gekyk het. Hy het onder die volk sewentig man, vyftig uit 'n duisend man, doodgemaak, en die volk het getreur, omdat יהוה 'n groot slagting onder die volk aangerig het.

²⁰ En die mans van Bêt-Shemesh het gesê: “Wie kan voor die aangesig van יהוה, hierdie afgesonderde Elohim, staan? En na wie toe sal Hy optrek van ons af?”

²¹ En hulle het boodskappers na die inwoners van Kirjat-Jearim gestuur en gesê: “Die Palishtim het die ark van יהוה teruggebring; kom af, bring dit op na julle toe.”

7 Die mans van Kirjat-Jearim het gekom en die ark van יהוה gaan haal en dit in die huis van Abinadab op die heuwel gebring. En hulle het sy seun El'ásar afgesonder om die ark van יהוה te bewaak.

² En dit het gebeur van die dag af dat die ark in Kirjat-Jearim gebly het, het die tyd vermeerder, dit het twintig jaar geword. En die hele huis van Jisra'ël het agter יהוה aan gekreun.

³ En Sh'mu'ël het met die hele huis van Jisra'ël gepraat en gesê: “Indien julle terugkeer met jul hele hart na יהוה, verwyder dan die vreemde elohim en die Ashtarot onder julle uit, en rig julle hart op יהוה en dien Hom alleen, dan sal Hy julle red uit die hand van die Palishtim.”

⁴ En die kinders van Jisra'ël het die Baäls en die Ashtarot verwyder en יהוה alleen gedien.

⁵ En Sh'mu'ël het gesê: “Vergader die hele Jisra'ël by Mitspa, en ek sal tot יהוה vir julle bid.”

⁶ En hulle het by Mitspa vergader, en water geskep en dit voor יהוה uitgegiet, en dié dag het hulle gevas en daar gesê: “Ons het gesondig teen יהוה.” En Sh'mu'ël het die kinders van Jisra'ël in Mitspa reg gerig.

⁷ En toe die Palishtim gehoor het dat die kinders van Jisra'ël by Mitspa vergader het, het die vorste van die Palishtim teen Jisra'ël opgetrek. En die kinders van

1 SH'MU'ĒL 8

Jisra'ël het dit gehoor en bevrees geword vir die Palishtim.

⁸ En die kinders van Jisra'ël het aan Sh'mu'ël gesê: "Moenie ophou om tot יהוה ons Elohim vir ons te roep nie, dat Hy ons uit die hand van die Palishtim verlos."

⁹ En Sh'mu'ël het 'n suiglam geneem en dit as 'n brandoffer in sy geheel aan יהוה geoffer, en Sh'mu'ël het tot יהוה geroep vir Jisra'ël, en יהוה het hom verhoor.

¹⁰ En dit het gebeur terwyl Sh'mu'ël die brandoffer geoffer het, het die Palishtim nader gekom om teen Jisra'ël te veg. Maar יהוה het dié dag met 'n groot geluid oor die Palishtim gedonder, en Hy het hulle in verwarring gebring, sodat hulle verslaan is voor Jisra'ël.

¹¹ En die mans van Jisra'ël het uit Mitspa getrek en die Palishtim agtervolg en hulle verslaan tot onderkant Bêt-Kar.

¹² En Sh'mu'ël het 'n klip geneem en dit opgerig tussen Mitspa en Shĕn, en dit Eĕben Haĕser genoem en gesê: "Tot hiertoe het יהוה ons gehelp."

¹³ En die Palishtim is verneder, en hulle het nie meer die gebied van Jisra'ël binnegekome nie. En die hand van יהוה was teen die Palishtim al die dae van Sh'mu'ël.

¹⁴ En die stede wat die Palishtim van Jisra'ël geneem het, het na Jisra'ël teruggekome, van Ekron tot Gat. En Jisra'ël het daardie gebied uit die hand van die Palishtim geruk. En daar was vrede tussen Jisra'ël en die Amoriete.

¹⁵ En Sh'mu'ël het Jisra'ël reg gerig al die dae van sy lewe.

¹⁶ Hy het van jaar tot jaar rondgetrek na Bêt-Ēl en Gilgal en Mitspa, en Jisra'ël op al hierdie plekke reg gerig.

¹⁷ Dan het hy na Rama terug gegaan, want sy huis was daar. En daar het hy Jisra'ël reg gerig en daar vir יהוה 'n altaar gebou.

8 En dit het gebeur toe Sh'mu'ël oud was, het hy sy seuns as rigters oor Jisra'ël aangestel.

² Die naam van sy eersgeborene was

Jo'ël, en die naam van sy tweede Abĕjah, rigters in Be'ĕr-Sheĕba.

³ Maar sy seuns het nie in sy weê gewandel nie en hulle het gereik na eie wins en omkoopgeskenke aangeneem, en die regspraak verdraai.

⁴ En al die oudstes van Jisra'ël het vergader en by Sh'mu'ël in Rama gekom.

⁵ en vir hom gesê: "Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weê nie. Stel nou 'n koning oor ons aan om ons te regeer soos by al die nasies."^a

⁶ Maar die woord was boos in die oë van Sh'mu'ël toe hulle gesê het: "Gee ons 'n koning om ons te regeer." Toe het Sh'mu'ël tot יהוה gebid.

⁷ En יהוה het vir Sh'mu'ël gesê: "Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want hulle het jou nie verwerp nie, maar hulle het My verwerp om oor hulle te regeer.

⁸ "Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Mitsrajim laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander elohim gedien het - so doen hulle ook met jou.

⁹ "En nou, luister na hul stem, maar jy moet hulle beslis waarsku en hulle die reg van die koning bekend maak wat oor hulle sal regeer."

¹⁰ Sh'mu'ël het toe al die woorde van יהוה aan die volk vertel wat 'n koning van hom gevra het

¹¹ en hy het gesê: "Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: Hy sal julle seuns neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uit hardloop,

¹² en owerstes aanstel oor duisend en owerstes oor vyftig, en om sy land te ploeg en om sy oes in te samel, en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak.

¹³ "En julle dogters sal hy neem as salfmengsters en as kokke en baksters.

¹⁴ "En hy sal die beste van julle lande en

^a Jisra'ël verwerp hul roep as leidende Geestelike volk om ook sekulêre volk te word soos die heidense volke.

1 SH'MU'ĒL 9

julle wingerde en julle olyfboorde neem en aan sy dienaars gee.

¹⁵ "En hy sal tiendes van julle graan en julle wingerde neem en dit aan sy hofdiens en sy dienaars gee.

¹⁶ "En hy sal julle slawe en slavinne en julle beste jongmense en julle donkies neem en vir sy werk gebruik.

¹⁷ "n Tiende van julle kleinvee sal hy neem, en self sal julle sy slawe wees.

¹⁸ "En in dié dag sal julle uitroep weens jul koning wat julle vir jul verkies het, maar יהוה sal julle in daardie dag nie hoor nie."

¹⁹ Maar die volk het geweier om na die stem van Sh'mu'el te luister en gesê: "Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees.

²⁰ Dan sal ons ook wees soos al die nasies, en ons koning kan ons regeer en voor ons uit trek en ons oorloë voer."

²¹ En Sh'mu'el het al die woorde van die volk gehoor en dit voor die ore van יהוה herhaal.

²² En יהוה het vir Sh'mu'el gesê: "Luister na hulle stem en stel vir hulle 'n koning aan." En Sh'mu'el het vir die mans van Jisra'el gesê: "Gaan elkeen na sy stad."

9 En daar was 'n man van Benjamin met die naam Kish, die seun van Abi'el, die seun van Tseror, die seun van Begorat, die seun van Afijag, 'n Benjaminiet, 'n magtige man met gesag.

² En hy het 'n seun gehad met die naam van Sha'ul, 'n jongman en mooi. Ja, daar was tussen die kinders van Jisra'el niemand mooier as hy nie. Van sy skouers af boontoe was hy hoër as die hele volk.

³ En die donkies van Kish, die vader van Sha'ul, het weggeraak. En Kish het aan sy seun Sha'ul gesê: "Neem tog een van die dienaars saam met jou en staan op, gaan soek die donkies."

⁴ En Hy het deur die berge van Efrajim gegaan en deur die land Shalisha, maar hulle nie gekry nie. Toe het hulle deur die land Shâalim gegaan, maar daar was niks nie. En hy het deur die land Benjamin

gegaan, maar hulle het niks gekry nie.

⁵ Hulle het in die land Tsuf gekom, en Sha'ul aan die dienaar wat by hom was gesê: "Kom, laat ons terug draai, sodat my vader nie die donkies los en oor ons besorg word nie."

⁶ En hy het aan hom gesê: "Kyk, in hierdie stad is 'n man van Elohim, en die man word geag. Alles wat hy sê, kom sekerlik uit. Laat ons nou daarheen gaan. Dalk kan hy ons die pad wys om te gaan."

⁷ En Sha'ul het vir sy dienaar gesê: "Maar kyk, indien ons gaan, wat sal ons vir die man neem? Want die brood in ons sakke is op en hier is nie 'n geskenk om vir die man van Elohim te neem nie. Wat het ons?"

⁸ En die dienaar het Sha'ul weer geantwoord en gesê: "Kyk, ek het nog 'n kwart sikkil silwer by my. Dit sal ek aan die man van Elohim gee, dat hy ons kan inlig oor ons pad."

⁹ Vroeër het die mense in Jisra'el wanneer hulle gegaan het om Elohim te raadpleeg so gesê: "Kom, laat ons na die siener gaan." Want die profeet van vandag het hulle vroeër siener genoem.

¹⁰ En Sha'ul het aan sy dienaar gesê: "Jou woord is goed. Kom, laat ons gaan." En hulle het na die stad waar die man van Elohim was gegaan.

¹¹ Terwyl hulle die opdraand na die stad opgegaan het, het hulle meisies teëgekóm wat uitgegaan het om water te skep, en vir hulle gevra: "Is die siener hier?"

¹² Hulle het hul geantwoord en gesê: "Hy is. Kyk voor jou. Maak nou gou, want hy het vandag in die stad gekom, omdat die volk vandag 'n offer op die hoogte het.

¹³ "Soos julle die stad ingaan, sal julle hom aantref voordat hy opgaan na die hoogte om te eet. Want die mense eet nie voordat hy kom nie, want hy seën die offer, daarna eet die genooies. En nou, gaan op, want julle sal hom juis nou aantref."

¹⁴ En hulle het opgegaan na die stad. Hulle het byna in die middestad gekom,

1 SH'MU'ĒL 10

en Sh'mu'ēl na hulle gesien uitkom om op te gaan na die hoogte.

¹⁵ En יהוה het dit 'n dag voor die koms van Sha'ul aan Sh'mu'ēl in die oor vertel en gesê:

¹⁶ "Teen hierdie tyd môre sal Ek 'n man uit die land Benjamin na jou stuur wat jy moet salf as vors oor My volk Jisra'ēl, en hy sal My volk verlos uit die hand van die Palishtim. Want Ek het My volk gesien, omdat hul geroep na My gekom het."

¹⁷ Toe Sh'mu'ēl vir Sha'ul gesien het, het יהוה vir hom gesê: "Hier is die man van wie Ek aan jou gesê het: 'Hy sal oor My volk regeer.'"

¹⁸ En Sha'ul het nader gekom na Sh'mu'ēl in die poort en gevra: "Vertel my tog waar die huis van die siener is?"

¹⁹ En Sh'mu'ēl het Sha'ul geantwoord en gesê: "Ek is die siener! Gaan voor my uit op na die hoogte, want julle sal vandag saam met my eet. En ek sal jou môre laat gaan, en alles wat in jou hart is, sal ek jou bekend maak.

²⁰ "En wat die donkies betref wat reeds drie dae gelede vermis is, bekommer jou nie daaroor nie, want hulle is gevind. En op wie is al die begeerte van Jisra'ēl? Is dit nie op jou en jou vader se hele huis nie?"

²¹ En Sha'ul het geantwoord en gesê: "Is ek nie 'n Benjaminiet, van die kleinste van die stamme van Jisra'ēl, en my familie die geringste uit al die families van die stam van Benjamin nie? Waarom praat u dan so met my?"

²² En Sh'mu'ēl het Sha'ul en sy dienaar geneem en hulle in die vertrek gebring en hulle 'n plek gegee aan die hoof van die genooïdes, wat omtrent dertig man was.

²³ En Sh'mu'ēl het aan die kok gesê: "Bring die porsie wat ek aan jou gegee het, waarvan ek vir jou gesê het om dit eenkant te sit."

²⁴ Die kok bring toe die boud uit met wat daaraan was, en sit dit voor Sha'ul neer. En Sh'mu'ēl sê: "Kyk, wat het oorgebly. Dit is voor jou gesit. Eet, want vir die

bestemde tyd is dit vir jou bewaar toe ek gesê het: 'Ek nooi die volk.'" So het Sha'ul dan dié dag saam met Sh'mu'ēl geëet.

²⁵ En hulle het van die hoogte afgegaan die stad in, en hy het met Sha'ul op die dak gepraat.

²⁶ En hulle het vroeg opgestaan. Met omtrent dagbreek, het Sh'mu'ēl na Sha'ul op die dak geroep en gesê: "Staan op, dat ek jou kan wegstuur." En Sha'ul het opgestaan, en hulle albei, hy en Sh'mu'ēl, het na buite gegaan.

²⁷ Terwyl hulle afstap na die einde van die stad, het Sh'mu'ēl vir Sha'ul gesê: "Sê aan die dienaar dat hy voor ons uit gaan." En hy het verder gegaan. "Maar staan jy eers stil, dat ek jou die woord van Elohim kan laat hoor."

10 En Sh'mu'ēl het die kruik met olie geneem en dit op sy kop uitgegiet en hom gesoen en gesê: "Is dit nie omdat יהוה jou as leier oor Sy erfdeel gesalf nie?"

² "Wanneer jy vandag van my af weggaan, sal jy by die graf van Ragēl, op die grens van Benjamin in Tseltsag, twee mans aantref wat vir jou sal sê: 'Die donkies wat jy gaan soek het, is gevind. En kyk, jou vader het die saak van die donkies laat vaar en is besorg oor julle en vra: "Wat kan ek vir my seun doen?"'

³ "En jy sal dan vandaar verder gaan en by die terpentynboom van Tabor kom, dan sal drie mans jou daar kry wat na Elohim, na Bêt-Ēl opgaan: een dra drie bakkies, en een dra drie brode, en een dra 'n sak wyn.

⁴ "En hulle sal jou groet en sal jou twee brode gee, wat jy dan uit hulle hand sal aanneem.

⁵ "Daarna gaan jy na Gib'a van Elohim waar die wagpos van die Palishtim is. En net soos jy daar die stad inkom, sal jy 'n groep profete ontmoet wat van die hoogte afkom, en voor hulle uit harpe en tamboeryne en fluite en liere, terwyl hulle profeteer.

⁶ "En die Gees van יהוה sal oor jou kom,

sodat jy saam met hulle sal profeteer en in 'n ander mens verander word.

⁷ “En dit sal wees, wanneer hierdie tekens vir jou uitkom, doen dan wat jou hand vind om te doen, want Elohim is met jou.

⁸ “En jy moet voor my uit na Gilgal afgaan. En kyk, ek sal na jou afkom om brandoffers te offer en om vredesoffers te slag. Sewe dae lank moet jy wag, totdat ek by jou kom en jou bekend maak wat jy moet doen.”

⁹ En dit het gebeur, toe hy sy rug gedraai het om van Sh'mu'ēl af weg te gaan, het Elohim hom 'n ander hart gegee. En al hierdie tekens het op dié dag gekom.

¹⁰ En hulle het daar by Gīḅ'a gekom, en 'n groep profete gesien wat hom ontmoet het. En die Gees van Elohim het oor hom gekom en hy het tussen hulle geprofeteer.

¹¹ En dit was so dat elkeen wat hom van gister en eergister af geken het, gesien het dat hy saam met die profete profeteer. Toe het die mense die een aan die ander gesê: “Wat het oor die seun van Kish gekom? Is Sha'ul ook tussen die profete?”

¹² En 'n man van daar het geantwoord en gesê: “En wie is hulle vader?” Daarom het dit 'n spreekwoord geword: “Is Sha'ul ook tussen die profete?”

¹³ En toe hy opgehou het met profeteer, het hy na die hoogte gegaan.

¹⁴ En die oom van Sha'ul het vir hom en sy dienaar gevra: “Waarheen het julle gegaan?” En hy het gesê: “Om die donkies te soek. En toe ons sien dat hulle nêrens was nie, het ons na Sh'mu'ēl gegaan.”

¹⁵ En die oom van Sha'ul het gesê: “Vertel my tog wat Sh'mu'ēl aan julle gesê het.”

¹⁶ En Sha'ul het vir sy oom gesê: “Hy het ons verseker vertel dat die donkies gevind is.” Maar die saak van die koningskap, wat Sh'mu'ēl van gepraat het, het hy hom nie vertel nie.

¹⁷ En Sh'mu'ēl het die volk byeengeroep na יהוה in Mitspa,

¹⁸ en aan die kinders van Jisra'ël gesê: “So sê יהוה, die Elohim van Jisra'ël: ‘Ek het Jisra'ël uit Mitsrajim laat optrek en julle gered uit die hand van die Mitsrim en uit die hand van al die koninkryke wat julle verdruk het.’

¹⁹ “En vandag verwerp julle jul Elohim wat julle uit al jul moeilikhede en beprowinge verlos het, en sê: ‘Nee, maar jy moet 'n koning oor ons aanstel!’ En nou, stel julle voor יהוה volgens julle stamme en volgens julle geslagte.”

²⁰ En Sh'mu'ēl het al die stamme van Jisra'ël laat nader kom, en die stam van Binjamin is aangewys.

²¹ Toe het hy die stam van Binjamin volgens sy families laat nader kom, en die familie van Matri is aangewys. En Sha'ul, die seun van Kish, is aangewys. En hulle het hom gesoek, maar hy was nie te vinde nie.

²² En hulle het יהוה weer geraadpleeg: “Het die man reeds hierheen gekom?” En יהוה het geantwoord: “Kyk, hy het tussen die pakgoed weggekruip.”

²³ En hulle het geloop en hom daarvandaan gebring. En hy het tussen die mense gestaan, en hy was van sy skouers af boontoe hoër as die hele volk.

²⁴ En Sh'mu'ēl het aan die hele volk gesê: “Sien julle hom wat יהוה gekies het? Want daar is nie een onder die hele volk soos hy nie.” En die hele volk het gejuig en gesê: “Mag die koning lewe!”

²⁵ En Sh'mu'ēl het die reëls van die koningryk voor die volk afgekondig en dit in 'n boek geskryf en voor יהוה neergelê. En Sh'mu'ēl het die hele volk elkeen na sy huis laat gaan.

²⁶ En Sha'ul het ook na sy huis gegaan in Gīḅ'a. En die dapper mans wie se hart Elohim geraak het, het met hom saamgegaan.

²⁷ Maar die seuns van Balijaal het gesê: “Wat! Gaan hy ons verlos?” En hulle het hom verag en hom geen geskenke gebring nie. Maar hy het stil gebly.

11 En Naḥash, die Ammoniet, het opgetrek teen Jabēsh in Gil'ad en beleër.

1 SH'MU'ĒL 12

En al die mans van Jaběsh het aan Naḥash gesê: "Sluit 'n verbond met ons, dan sal ons u dien."

² Maar Naḥash, die Ammoniet, het vir hulle gesê: "So sal ek met julle maak: ek sal julle almal se regteroog uitsteek en dit as 'n skande op die hele Jisra'ël lê."

³ En die oudstes van Jaběsh het vir hom gesê: "Laat ons sewe dae lank met rus, dat ons boodskappers in die hele gebied van Jisra'ël kan stuur. En dan, indien daar niemand is wat ons verlos nie, sal ons na u toe uitkom."

⁴ En die boodskappers het in Gib'a van Sha'ul gekom en die woorde voor die ore van die volk gesê. En die hele volk het hul stemme verhef en geweene.

⁵ En kyk, Sha'ul het agter die beeste aangekom van die veld af. En Sha'ul het gesê: "Wat is dit met die volk, dat hulle ween?" En hulle het hom die woorde van die mans van Jaběsh vertel.

⁶ En die Gees van Elohim het oor Sha'ul gekom terwyl hy dié woorde gehoor het, en hy het baie kwaad geword.

⁷ En hy het 'n span beeste geneem en hulle in stukke gesny en hulle deur die hele gebied van Jisra'ël deur die hande van boodskappers gestuur om te sê: "Wie nie agter Sha'ul en agter Sh'mu'ël aan uittrek nie, laat so met sy beeste gedoen word." En die vrees van יהוה het op die volk geval en hulle het soos een man uitgetrek.

⁸ En hy het hulle in Besek gemonster en die kinders van Jisra'ël was drie honderd duisend en die mans van Jahuda dertig duisend.

⁹ En hulle het aan die boodskappers wat gekom het, gesê: "So moet julle aan die mans van Jaběsh in Gil'ad sê: 'Môre wanneer die son warm is, sal julle hulp kry.'" En die boodskappers het gekom en dit aan die mans van Jaběsh meedeel, en hulle was verheug.

¹⁰ Toe het die mans van Jaběsh gesê: "Môre sal ons na julle uittrek, en julle kan met ons doen net soos dit goed is in julle oë."

¹¹ En dit het gebeur dat Sha'ul die volgende môre die mans in drie afdelings opgestel het. En hulle het met die môrewag in die laer gekom en Ammon verslaan tot op die hitte van die dag. En die ander het so verstrooid geraak dat nie twee onder hulle bymekaar gebly het nie.

¹² En die mense het vir Sh'mu'ël gesê: "Wie is dit wat gesê het: 'Sal Sha'ul oor ons regeer?'" Lewer die mans uit, dat ons hulle kan doodmaak."

¹³ Maar Sha'ul het gesê: "Op hierdie dag mag geen man gedood word nie, want vandag het יהוה 'n verlossing in Jisra'ël bewerk."

¹⁴ En Sh'mu'ël het aan die volk gesê: "Kom, laat ons na Gilgal gaan en daar die koningskap vernuwe."

¹⁵ En die hele volk het na Gilgal getrek en daar Sha'ul voor יהוה in Gilgal aangestel om te regeer, en hulle het daar vredesoffers voor יהוה geslag. En Sha'ul het uitermate gejubel, en al die mans van Jisra'ël.

12 En Sh'mu'ël het aan die hele Jisra'ël gesê: "Kyk, ek het na julle geluister in alles wat julle aan my gesê het, en 'n koning oor julle aangestel.

² "En nou, kyk, die koning sal voor julle loop. En ek het oud en grysword, en my seuns is hier by julle. En ek het voor julle geloop van my jeug af tot vandag toe.

³ "Kyk, hier is ek. Getuig teen my voor יהוה en voor Sy gesalfde: Wie se bees het ek geneem, en wie se donkie het ek geneem, en wie het ek verdruk of verpletter? en uit wie se hand het ek omkoopgeld aangeneem om my oë daarmee te bedek? - dan sal ek dit aan julle teruggee."

⁴ En hulle het gesê: "U het ons nie verdruk of ons verpletter nie en uit niemand se hand iets aangeneem nie."

⁵ En hy het vir hulle gesê: "יהוה is getuie teen julle, en Sy gesalfde is getuie vandag, dat julle niks in my hand gevind het nie." En hulle het gesê: "Hy is getuie."

⁶ En Sh'mu'ël het aan die volk gesê: "Dit

is יהוה wat Moshe en Aharon aangestel en julle vaders uit die land van Mitsrajim laat optrek het.

⁷ "En nou, staan dan stil, dat ek julle kan oordeel voor יהוה oor al die regverdige dade van יהוה wat Hy aan julle en julle vaders gedoen het.

⁸ "Nadat Jaakob in Mitsrajim gekom en julle vaders יהוה aangeroep het, het יהוה Moshe en Aharon gestuur, en hulle het julle vaders uit Mitsrajim gelei en het hulle op hierdie plek laat woon.

⁹ "Maar hulle het יהוה hul Elohim vergeet, daarom het Hy hulle verkoop in die hand van Sísera, die leërowerste van H̄tsor, en in die hand van die Palishtim en in die hand van die koning van Moab. En hulle het teen hulle gevee.

¹⁰ "En hulle het יהוה aangeroep en gesê: 'Ons het gesondig, want ons het יהוה verlaat en die Baäls en Ashtarot gediën. En nou red ons uit die hand van ons vyande, en ons sal U dien.'

¹¹ "En יהוה het Jerúbbaäl en Bedan en Jiftah en Sh'mu'ël gestuur en julle uit die hand van jul vyande rondom gered, en julle het veilig gewoon.

¹² "En toe julle gesien het dat Nahash, die koning van die kinders van Ammon, teen julle aankom, het julle aan my gesê: 'Nee, maar 'n koning moet oor ons regeer,' terwyl יהוה julle Elohim tog jul koning is.

¹³ "En nou, hier is dan die koning wat julle gekies het, wat julle gevra het. En kyk, יהוה het 'n koning oor julle aangestel.

¹⁴ "Indien julle יהוה vrees en Hom dien en na Sy stem luister en nie rebelleer teen die mond van יהוה nie, dan sal julle self sowel as die koning wat oor julle regeer, יהוה julle Elohim volg!

¹⁵ "Maar indien julle nie na die stem van יהוה luister nie en rebelleer teen die mond van יהוה, dan sal die hand van יהוה teen julle wees soos teen julle vaders.

¹⁶ "En nou, gaan staan, en kyk na hierdie groot saak wat יהוה voor julle oë gaan

doen:

¹⁷ "Is dit nie vandag koringoes nie? Ek sal יהוה aanroep, dat Hy donderslae en reën gee – weet dan en sien dit in dat julle boosheid groot is wat julle in die oë van יהוה gedoen het deur 'n koning vir julle te vra."

¹⁸ En Sh'mu'ël het יהוה aangeroep, en יהוה het donderslae en reën op dié dag gegee. En die hele volk het יהוה en Sh'mu'ël baie gevrees.

¹⁹ En die hele volk het vir Sh'mu'ël gesê: "Bid tot יהוה u Elohim vir u dienaars, dat ons nie sterf nie, omdat ons by al ons sondes nog boosheid gedoen het deur 'n koning vir ons te vra."

²⁰ En Sh'mu'ël het vir die volk gesê: "Moenie vrees nie. Julle het al hierdie boosheid gedoen, maar draai van יהוה nie af nie. En dien יהוה met julle hele hart.

²¹ "En julle mag nie wegdraai nie, want dan gaan julle agter nietige *dinge* aan wat nie kan help of red nie, omdat hulle nietighede is.

²² "Want יהוה sal Sy volk ter wille van Sy groot Naam nie verwerp nie, omdat dit יהוה behaag het om van julle vir Hom 'n volk te maak.

²³ "Ook wat my betref, dit is ver van my dat ek teen יהוה sou sondig, dat ek sou ophou om vir julle te bid, maar ek sal julle in die goeie en reguit weg onderrig.

²⁴ "Vrees net יהוה en dien Hom in waarheid met julle hele hart, want kyk watter groot dinge het Hy by julle gedoen.

²⁵ "Maar indien julle aanhou boosheid doen, sal julle self sowel as julle koning omkom."

13 Sha'ul het 'n jaar regeer. En toe hy twee jaar oor Jisra'ël regeer het,

² het Sha'ul vir hom drie duisend man uit Jisra'ël gekies. En twee duisend was by Sha'ul in Migdash en op die gebergte van Bêt-Ēl, en duisend was by Jonatan in Gib'a in Benjamin. Maar die oorblywende mans het hy laat gaan, elkeen na sy tent toe.

³ En Jonatan het die wagpos van die Palishtim verslaan wat in Geba was, en

die Palishtim het dit gehoor. En Sha'ul het die ramshoring laat blaas in die hele land om te sê: "Laat die Ibrim hoor!"

⁴ En die hele Jisra'ël het gehoor dat Sha'ul die wagpos van die Palishtim verslaan het, en ook dat Jisra'ël 'n stank vir die Palishtim geword het. En die mans is opgeroep na Sha'ul by Gilgal.

⁵ En die Palishtim het bymekaargekom om teen Jisra'ël te veg, drie duisend stryd-waens en ses duisend perderuiters en 'n menigte voetgangers soos die sand wat op die seestrand is. En hulle het opgetrek en laer opgeslaan by Migdash, oos van Bêt-Awen.

⁶ En die mans van Jisra'ël het gesien dat hulle in die nood was, want die volk was bedruk, en die volk het in die grotte en in die doringbosse en in die rotse en in gate en in kuile weggekuip.

⁷ En Ibrim het die Jardën deurgetrek na die land Gad en Gil'ad. Maar Sha'ul was nog in Gilgal met al die mans wat hom bewende gevolg het.

⁸ En hy het sewe dae lank gewag, volgens afspraak wat Sh'mu'ël bepaal het. Maar Sh'mu'ël het nie na Gilgal gekom nie en die mans het van hom af verstrooid geraak.

⁹ En Sha'ul het gesê: "Bring na my die brandoffer en die dankoffers." En hy het die brandoffer geoffer.

¹⁰ En dit het gebeur toe hy klaar die brandoffer gebring het, dat Sh'mu'ël daar aangekom het. En Sha'ul het uitgegaan om hom te ontmoet om hom te seën.

¹¹ Toe het Sh'mu'ël gesê: "Wat het jy gedoen?" En Sha'ul sê: "Ek het gesien dat die mans van my af verstrooid geraak het, en dat u nie op die afgesproke tyd gekom het nie, terwyl die Palishtim in Migdash bymekaargekom het,

¹² dus het ek gesê: 'Nou sal die Palishtim na my toe aftrek in Gilgal, en ek het die gesig van יהוה nie om guns gesmeek nie.' Daarom het ek myself gedwing en die brandoffer gebring."

¹³ En Sh'mu'ël het vir Sha'ul gesê: "Jy was dwaas. Jy het die bevel van יהוה jou

Elohim wat Hy jou beveel het, nie gehou nie. Want nou sou יהוה jou koningskap oor Jisra'ël vir ewig bevestig het.

¹⁴ "Maar nou sal jou koningskap nie staan nie. יהוה sal vir Hom 'n man na Sy hart^b soek en יהוה sal hom beveel om leier oor Sy volk te wees, omdat jy nie bewaar het wat יהוה jou beveel het nie."

¹⁵ En Sh'mu'ël het opgestaan en opgegaan van Gilgal na Gib'a in Binjamin. En Sha'ul het die mans gemonster wat by hom aanwesig was, omtrent ses honderd man.

¹⁶ En Sha'ul en sy seun Jonatan en die mans wat by hulle aanwesig was, het in Gib'a in Binjamin gebly en die Palishtim het by Migdash laer opgeslaan.

¹⁷ En stropers het uit die laer van die Palishtim in drie afdelings getrek. Een deel het weggedraai op pad na Ofra, na die land Shu'al.

¹⁸ En een deel het weggedraai op pad na Bêt-Horon, en een deel het weggedraai op pad na die grens wat oor die Vallei Tseboim na die woestyn uitkyk.

¹⁹ En daar was geen smid te vinde in die hele land van Jisra'ël nie, want die Fili-styne het gesê: "Anders kan die Ibrim swaarde of spiese maak."

²⁰ En die hele Jisra'ël het na die Palishtim afgegaan om elkeen sy ploegskaar of sy pik of sy byl of sy sekel skerp te maak.

²¹ So was dit om ploegskare en pikke en drietandvurke en byle en om die osprykkels reg te maak.

²² En dit het gebeur dat daar in oorlogstyd geen swaard of spies te vinde was in die hand van al die mans wat by Sha'ul en Jonatan was nie. Maar by Sha'ul en sy seun Jonatan was dit wel te vinde.

²³ En 'n wagpos van die Palishtim het uitgetrek na die pas van Migdash.

14 En dit gebeur een dag dat Jonatan, die seun van Sha'ul, aan die dienaar wat sy wapens gedra het, gesê het: "Kom, ons gaan oor na die wagpos van die Palishtim wat daar oorkant is." Maar hy

^b Hand 13:22

het sy vader nie vertel nie.

² En Sha'ul het gesit op die buitewyk van Gib'a onder 'n granaatboom by Migron, en die mans by hom was omtrent ses honderd man.

³ En Ahijah, die seun van Ahitub, die broer van Ikaḇod, die seun van Pinehas, die seun van Ēli, die priester van יהוה in Shilo, het die skouerkleed gedra. Maar die mans het nie geweet dat Jonatan weggegaan het nie.

⁴ En tussen die passe waar Jonatan wou deurgaan na die wagpos van die Palishtim, was daar 'n spits rots oorkant en 'n spits rots duskant, en die naam van die een was Botséts en die naam van die ander Sene.

⁵ Die een spits het noord gestaan teenoor Migdash, en die ander een suid teenoor Gib'a.

⁶ En Jonatan het aan die dienaar wat sy wapens gedra het, gesê: "Kom, ons gaan oor na die wagpos van daardie onbesnedenes. Moontlik sal יהוה vir ons werk, want by יהוה is daar geen verhinderings om deur baie of deur min te verlos nie."

⁷ En sy wapendraer het vir hom gesê: "Doen alles wat in u hart is, maak soos u wil. Kyk, hier is ek by u volgens die wens van u hart."

⁸ En Jonatan het gesê: "Kyk, ons sal na die mans toe oorgaan en ons aan hulle wys."

⁹ "Indien hulle vir ons só sê: 'Staan stil totdat ons by julle kom!' dan moet ons op ons plek bly staan en nie na hulle opklim nie."

¹⁰ "Maar indien hulle só sê: 'Kom op na ons toe!' dan klim ons op. Want dan het יהוה hulle in ons hand gegee, en dit sal vir ons die teken wees."

¹¹ En albei van hulle het hul aan die wagpos van die Palishtim vertoon, en die Filiestyne het gesê: "Kyk, daar kom Iḇrim uit die gate waar hulle weggekruip het."

¹² En die mans van die wagpos het na Jonatan en sy wapendraer geroep en gesê: "Klim op na ons toe, laat ons julle 'n les leer!" Jonatan het toe aan sy

wapendraer gesê: "Klim op agter my, want יהוה het hulle in die hand van Jisra'ël gegee."

¹³ En Jonatan het op sy hande en voete uitgeklim, en sy wapendraer agter hom. En hulle het voor Jonatan geval terwyl sy wapendraer agter hom aan dood maak.

¹⁴ Hierdie eerste slagting waarin Jonatan en sy wapendraer ongeveer twintig man verslaan het, het plaasgevind op omtrent die helfte van 'n voor van 'n ploegland.

¹⁵ En daar was 'n bewing in die laer, in die veld en onder al die mans. Die wagpos en die stropers het ook gebewe, ja, die grond het geskud. En dit het 'n bewing van Elohim geword.

¹⁶ En Sha'ul se wagte in Gib'a in Benjamin het gekyk en gesien dat die menigte daar verdwyn, en verward heen en weer gaan.

¹⁷ En Sha'ul het aan die mans wat by hom was gesê: "Hou tog inspeksie en kyk wie van ons af weggegaan het." En by die inspeksie is gesien dat Jonatan en sy wapendraer nie daar was nie.

¹⁸ En Sha'ul het vir Ahijah gesê: "Bring die ark van Elohim nader." Want die ark van Elohim was in dié tyd by die kinders van Jisra'ël.

¹⁹ En dit het gebeur terwyl Sha'ul nog met die priester gepraat het dat die rumoer wat in die laer van die Palishtim was, altyddeur groter geword het, toe het Sha'ul vir die priester gesê: "Trek terug jou hand!"

²⁰ Sha'ul en al die mans wat by hom was, het toe saamgekom, en hulle het in die geveg gegaan. En kyk, elkeen se swaard was teen sy naaste - 'n baie groot verwarring.

²¹ En die Iḇrim wat by die Palishtim was soos gister en eergister, wat met hulle saam in die leër opgetrek het, hulle het ook omgedraai om by Jisra'ël te wees wat saam met Sha'ul en Jonatan was.

²² En al die mans van Jisra'ël wat op die berge van Efrajim weggekruip het, het gehoor dat die Palishtim gevlug het, en hulle het hul ook in die geveg agternagesit.

²³ En יהוה het Jisra'ël op dié dag verlos. En die geveg het by Bêt-Awen verbygegaan.

²⁴ En die mans van Jisra'ël was dié dag bedruk, want Sha'ul het die mans onder eed geeeplaas en gesê: "Vervloek is die man wat iets eet tot vanaand, sodat ek my op my vyande kan wreek." Daarom het niemand van die mans aan kos geproe nie.

²⁵ En almal van die land het in 'n woud gekom, en daar was heuning op die veld.

²⁶ En die mans het in die bos gekom, en hulle het die heuning gesien drup. Maar niemand het met sy hand aan sy mond geraak nie, omdat die mans die eed gevrees het.

²⁷ Maar Jonatan het nie gehoor toe sy vader die mans 'n eed laat neem het nie en het die punt van die staf wat in sy hand was, uitgesteek en dit in 'n heuningkoek gedoop en sy hand aan sy mond gebring. En sy oë het helder geword.

²⁸ Toe het een van die mans aan hom gesê: "Jou vader het die mans hierdie streng eed laat neem: 'Vervloek is die man wat vandag iets eet.'" En die mans was uitgeput.

²⁹ En Jonatan het gesê: "My vader het die land bemoelijk. Kyk tog hoe helder is my oë nou, omdat ek 'n bietjie heuning geproe het.

³⁰ "Hoeveel te beter indien die mans vandag vry kon eet van die buit van hul vyande wat hulle gevind het! Want sou die slagting onder die Palishtim nie groter wees nie?"

³¹ En hulle het die Palishtim dié dag verslaan van Migdash af na Ajalon toe, en die mans was baie uitgeput.

³² En die mans het op die buit afgestorm, en kleinvee en beeste en kalwers geneem en dit op die grond geslag. En die mans het dit met die bloed geëet.

³³ En aan Sha'ul is vertel en gesê: "Kyk, die mans sondig teen יהוה deur met die bloed te eet!" En hy het gesê: "Julle het troueloos gehandel. Rol 'n groot klip na

my toe."

³⁴ En Sha'ul het gesê: "Versprei onder die mans en sê aan hulle: 'Elkeen bring sy bees na my en elkeen sy stuk kleinvee, en slag dit hier en eet. Moenie teen יהוה sondig deur met die bloed te eet nie.'" En al die mans het elkeen in die nag sy bees gebring en dit daar geslag.

³⁵ En Sha'ul het vir יהוה 'n altaar gebou. Dit was die eerste altaar wat hy vir יהוה gebou het.

³⁶ En Sha'ul het gesê: "Laat ons in die nag aftrek agter die Palishtim aan, en laat ons onder hulle plunder totdat dit môre lig word, en ons moet nie een onder hulle laat oorbly nie." En hulle het gesê: "Doen wat goed is in u oë." Maar die priester het gesê: "Laat ons hier tot Elohim nader."

³⁷ En Sha'ul het Elohim geraadpleeg: "Sal ek aftrek agter die Palishtim aan? Sal U hulle in Jisra'ël se hand gee?" Maar Hy het hom dié dag nie geantwoord nie.

³⁸ En Sha'ul het gesê: "Kom oor hier, al die hoofde van die volk, en ondersoek en kyk waarin hierdie sonde vandag was.

³⁹ "Want soos יהוה leef wat Jisra'ël verlos, al was dit ook in my seun Jonatan, dan moet hy verseker sterf!" Maar niemand uit al die mans het hom geantwoord nie.

⁴⁰ En hy het aan die hele Jisra'ël gesê: "Julle moet eenkant staan, en ek en my seun Jonatan sal eenkant staan." En die mans het aan Sha'ul gesê: "Doen wat goed is in u oë."

⁴¹ En Sha'ul het aan יהוה Elohim van Jisra'ël gesê: "Gee die waarheid!" En Jonatan en Sha'ul is aangewys, maar die mans het vry uitgegaan.

⁴² En Sha'ul het gesê: "Werp die *lot* tussen my en my seun Jonatan." En Jonatan is aangewys.

⁴³ En Sha'ul het vir Jonatan gesê: "Vertel my tog wat jy gedoen het." En Jonatan het hom vertel en gesê: "Ek het net 'n bietjie heuning geproe met die punt van die staf wat in my hand was. Kyk, laat ek sterf!"

1 SH'MU'ĒL 15

⁴⁴ En Sha'ul het gesê: "So doen Elohim en ook meer, want jy moet verseker sterf, Jonatan!"

⁴⁵ Maar die mans het aan Sha'ul gesê: "Moet Jonatan sterf wat hierdie groot verlossing in Jisra'ël bewerk het? Ver van dit! Soos יהוה leef, geen haar van sy kop sal op die aarde val nie! Want met Elohim het hy dit vandag gedoen." So het die mans dan Jonatan losgekoop, en hy het nie gesterf nie.

⁴⁶ En Sha'ul het van die Palishtim teruggetrek, en die Palishtim het na hulle plek gegaan.

⁴⁷ En Sha'ul het die koningskap oor Jisra'ël geneem en oorlog gevoer rondom teen al sy vyande: teen Moab en teen die kinders van Ammon en teen Edom en teen die konings van Tsoḅa en teen die Palishtim. En oral waarheen hy hom gedraai het, het hy straf uitgeoefen.

⁴⁸ En hy het 'n leër versamel en Amalëk verslaan en Jisra'ël gered uit die hand van sy plundersaars.

⁴⁹ En die seuns van Sha'ul was Jonatan en Jishwi en Malkishúa. En die name van sy twee dogters: die naam van die oudste was Mērab, en die naam van die jongste Migal.

⁵⁰ En die naam van Sha'ul se vrou was Aḥinoam, 'n dogter van Aḥimaäts. En die naam van sy leërowerste was Abnēr, die seun van Nēr, die oom van Sha'ul.

⁵¹ En Kish was die vader van Sha'ul, en Nēr, die vader van Abnēr, was die seun van Abi'ël.

⁵² Die oorlog teen die Palishtim was hewig al die dae van Sha'ul. En waar Sha'ul ook 'n held of 'n dapper man gesien het, het hy hom by hom opgeneem.

15 En Sh'mu'ël het vir Sha'ul gesê: "יהוה het my gestuur om jou as koning te salf oor Sy volk, oor Jisra'ël. Nou, luister na die stem van die woorde van יהוה."

² "So sê יהוה van die leërskaar: 'Ek sal Amalëk straf vir wat hy Jisra'ël aangedoen het, dat hy teen hom gestaan het oppad toe hy uit Mitsrajim opgekam het.

³ 'Gaan nou en verslaan Amalëk, en julle moet alles wat hy het met die banvloek tref. En jy mag hom nie verskoon nie, maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou, kind en suigling, bees en kleinvee, kameel en donkie.'"

⁴ En Sha'ul het die mans opgeroep en hulle gemonster in Teláim, twee honderd duisend voetgangers en tien duisend man van Jahuda.

⁵ En Sha'ul het by die stad van Amalëk aangekom en in die vallei 'n hinderlaag opgestel.

⁶ En Sha'ul het vir die Kēniete gesê: "Gaan, verwyder julle, trek af onder Amalëk uit, sodat ek julle nie saam met hulle vernietig nie. Want julle het guns bewys aan al die kinders van Jisra'ël toe hulle uit Mitsrajim opgekam het." So het die Kēniete hulle verwyder onder Amalëk uit.

⁷ En Sha'ul het Amalëk verslaan van Ḥawila af in die rigting van Shur wat teen Mitsrajim lê.

⁸ En Agag, die koning van Amalëk, het hy lewendig gevang, maar die hele volk deur die skerpte van die swaard met die ban getref.

⁹ Maar Sha'ul en die mans het Agag gespaar, en die beste van die kleinvee en beeste, en die naas-bestes en die lamers en alles wat van waarde was, dit wou hulle nie met die ban tref nie. Maar al die goed wat veragtelik en waardeloos was, dit het hulle met die ban getref.

¹⁰ En die woord van יהוה het tot Sh'mu'ël gekom en gesê:

¹¹ "Ek is bedroef dat Ek Sha'ul koning gemaak het, want hy het van My afvallig geword en My woorde nie uitgevoer nie." En Sh'mu'ël het kwaad geword en die hele nag deur יהוה aangeroep.

¹² En Sh'mu'ël het die môre vroeg opgestaan om Sha'ul te ontmoet. En aan Sh'mu'ël is vertel en gesê: "Sha'ul het na Karmel gegaan, en kyk, hy het vir hom 'n gedenkteken opgerig, en hy het weggedraai en verbygegaan en afgetrek na Gilgal."

¹³ En Sh'mu'ël het by Sha'ul gekom, en

1 SH'MU'ĒL 16

Sha'ul het vir hom gesê: "Mag u geseënd wees deur יהוה! Ek het die woord van יהוה uitgevoer."

¹⁴ En Sh'mu'ēl het gesê: "Wat vir 'n geblër van kleinvee is dit in my ore en 'n gebul van beeste wat ek hoor?"

¹⁵ En Sha'ul het gesê: "Hulle het dit van Amalēk gebring, want die mans het die beste kleinvee en beeste gespaar om aan יהוה u Elohim te offer. Maar die ander het ons met die ban getref."

¹⁶ En Sh'mu'ēl het vir Sha'ul gesê: "Wag, dat ek jou kan vertel wat יהוה laas nag vir my gesê het!" En hy het aan hom gesê: "Praat."

¹⁷ En Sh'mu'ēl het gesê: "Alhoewel jy klein was in jou eie oë, is jy nie tog die hoof van die stamme van Jisra'el nie? En het יהוה jou nie as koning oor Jisra'el gesalf nie?"

¹⁸ "En יהוה het jou op die pad gestuur en gesê: 'Gaan, en tref die sondaars, Amalēk, met die ban en veg teen hulle totdat hulle vernietig is.'

¹⁹ "En waarom het jy nie na die stem van יהוה geluister nie en op die buit afgestorm en gedoen wat boos is in die oë van יהוה?"

²⁰ En Sha'ul het vir Sh'mu'ēl gesê: "Ek hét na die stem van יהוה geluister en gegaan op die pad wat יהוה my op ge-stuur het, en Agag, die koning van Amalēk, gebring, maar Amalēk het ek met die ban getref.

²¹ "Maar die mans het van die buit, kleinvee en beeste, geneem, die beste van die bangoed, om aan יהוה u Elohim in Gilgal te offer."

²² En Sh'mu'ēl het gesê: "Het יהוה vreugde in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffers, om te luister as die vet van ramme.

²³ "Want rebellie is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is boosheid en idolatrie. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."

²⁴ En Sha'ul het vir Sh'mu'ēl gesê: "Ek het gesondig, omdat ek die bevel van יהוה en u woorde oortree het, want ek was bevrees vir die mans en het na hulle stem geluister.

²⁵ "En nou, vergewe asseblief my sonde en kom saam met my terug, dat ek יהוה kan aanbid."

²⁶ Maar Sh'mu'ēl het vir Sha'ul gesê: "Ek sal nie saam met jou teruggaan nie, want jy het die woord van יהוה verwerp, en nou het יהוה jou verwerp om koning oor Jisra'el te wees."

²⁷ En Sh'mu'ēl het hom omdraai om weg te gaan, en hy het die kant van sy mantel gegryp, en dit het afgeskeur.

²⁸ En Sh'mu'ēl het vir hom gesê: "Vandag het יהוה die koningskap oor Jisra'el van jou afgeskeur en dit aan jou naaste gegee wat beter is as jy.

²⁹ "Meer nog, die Roem van Jisra'el lieg nie, en het nie berou nie. Want Hy is nie 'n mens, dat Hy berou sou hê nie."

³⁰ En hy het gesê: "Ek het gesondig. Ag my tog nou voor die oudstes van my volk en voor Jisra'el, en kom saam met my terug, dat ek יהוה u Elohim kan aanbid."

³¹ En Sh'mu'ēl het teruggegaan agter Sha'ul aan, en Sha'ul het יהוה aanbid.

³² En Sh'mu'ēl het gesê: "Bring Agag, die koning van Amalēk, na my." So het Agag opgeruimd na hom gegaan, en Agag het gesê: "Waarlik, die bitterheid van die dood het weggedraai."

³³ En Sh'mu'ēl het gesê: "Soos jou swaard vrouens kinderloos gemaak het, so sal jou moeder onder die vrouens kinderloos wees." En Sh'mu'ēl het Agag voor יהוה in stukke gekap, in Gilgal.

³⁴ En Sh'mu'ēl het na Rama gegaan, en Sha'ul het opgegaan na sy huis, na Gib'a van Sha'ul.

³⁵ En Sh'mu'ēl het Sha'ul tot die dag van sy dood nie weer gesien nie, want Sh'mu'ēl het getreur oor Sha'ul. En יהוה was bedroef dat Hy Sha'ul oor Jisra'el laat regeer het.

16 En יהוה het aan Sh'mu'ēl gesê: "Hoe lank gaan jy oor Sha'ul treur, terwyl Ek

hom verwerp het om oor Jisra'ël te regeer? Vul jou horing met olie en gaan! Ek stuur jou na Jishai, die Bêt-Lehemiet. Want Ek het onder sy seuns vir My 'n koning gesien."

² En Sh'mu'ël het gesê: "Hoe kan ek gaan? Wanneer Sha'ul dit hoor, sal hy my doodmaak." En יהוה het gesê: "Neem 'n verskalf met jou saam en sê: 'Ek het gekom om aan יהוה te offer.'

³ "Nooi Jishai dan na die offer, en Ek sal jou wys wat jy moet doen. En jy moet die een vir My self wat Ek jou sal sê."

⁴ En Sh'mu'ël het gedoen wat יהוה gesê het en na Bêt-Lehem gegaan. En die oudstes van die stad het hom bewend ontmoet en gesê: "Kom u in vrede?"

⁵ En hy sê: "Vrede! Ek het gekom om aan יהוה te offer. Sonder julle af, en kom saam met my na die offer." En hy het Jishai en sy seuns afgesonder en hulle na die offer genooi.

⁶ En dit het gebeur, toe hulle gekom en hy Eljab gesien het, het hy gedink: "Sekerlik, יהוה se gesalfde!"

⁷ Maar יהוה het vir Sh'mu'ël gesê: "Moenie na sy voorkoms en sy hoë gestalte kyk nie, want Ek het hom afgewys. Want nie soos die méns sien nie, want die mens kyk na die oë, maar יהוה kyk na die hart."

⁸ Toe het Jishai Abinadab geroep en hom voor Sh'mu'ël laat verbygaan. En hy het gesê: "Hierdie een het יהוה ook nie gekies nie."

⁹ Toe het Jishai Shamma laat verbygaan. En hy het gesê: "Hierdie een het יהוה ook nie gekies nie."

¹⁰ En Jishai het sewe van sy seuns voor Sh'mu'ël laat verbygaan. En Sh'mu'ël het aan Jishai gesê: "יהוה het hierdie nie gekies nie."

¹¹ En Sh'mu'ël het aan Jishai gesê: "Is dit al die seuns?" En hy het gesê: "Die jongste is nog oor, en kyk, hy pas skape op." En Sh'mu'ël het aan Jishai gesê: "Stuur en laat hom haal, want ons mag nie omdraai voordat hy hier kom nie."

¹² En hy het gestuur en hom laat kom. En

hy was rooierig, met mooi oë en 'n mooi voorkoms. En יהוה het gesê: "Staan op, self hom, want dit is hy!"

¹³ En Sh'mu'ël het die horing met olie geneem en hom te midde van sy broers gesalf. En die Gees van יהוה het van dié dag af en verder oor Dawid gekom. En Sh'mu'ël het opgestaan en na Rama gegaan.

¹⁴ En die Gees van יהוה het van Sha'ul weg gedraai, en 'n bose gees, deur יהוה gestuur, het hom verskrik.

¹⁵ En die dienaars van Sha'ul het vir hom gesê: "Kyk tog, 'n bose gees van Elohim verskrik u."

¹⁶ "Laat ons meester net sê, en u dienaars wat voor u staan, sal 'n man soek wat op die lier kan speel. En wanneer die bose gees van Elohim oor u is, moet hy speel met sy hand, dan sal u beter word."

¹⁷ En Sha'ul het aan sy dienaars gesê: "Kyk asseblief vir my vir so 'n man wat goed kan speel, en bring hom na my."

¹⁸ En een van die dienaars het geantwoord en gesê: "Kyk, ek het 'n seun van Jishai, die Bêt-Lehemiet, gesien wat kan speel, en hy is 'n dapper held en 'n krygsman en bekwaam in woorde en mooi gebou. En יהוה is met hom."

¹⁹ Sha'ul het toe boodskappers na Jishai gestuur en gesê: "Stuur tog jou seun Dawid wat by die skape is, na my."

²⁰ En Jishai het 'n donkie geneem, met brood en 'n leersak met wyn en 'n bokkie en dit met sy seun Dawid na Sha'ul gestuur

²¹ En Dawid het by Sha'ul gekom en voor hom gestaan. En hy het hom baie liefgekry, en hy het sy wapendraer geword.

²² En Sha'ul het na Jishai gestuur om te sê: "Laat Dawid tog voor my staan, want hy het guns in my oë gevind."

²³ En dit het gebeur wanneer daar 'n gees van Elohim oor Sha'ul gekom het, dat Dawid die lier geneem en met sy hand gespeel het. Sha'ul het dan verlig gevoel en beter geword, en die bose gees het van hom gewyk.

17 En die Palishtim het hulle leër versamel vir die oorlog en bymeekaargekom by Sogo wat aan Jahuda behoort het, en laer opgeslaan tussen Sogo en Asêka in Efes-Dammim.

² En Sha'ul en die mans van Jisra'ël het byeengekom en laer opgeslaan in die Vallei van Ēla en hulle in slagorde teenoor die Palishtim opgestel.

³ En die Palishtim het eenkant teen die berg en die Jisra'ëliete oorkant teen die berg gestaan, sodat die vallei tussen hulle was.

⁴ Toe het daar 'n baasvegter uit die laers van die Palishtim gekom, met die naam Góljat, uit Gat, sy hoogte was ses el en 'n span.

⁵ En 'n koperhelm was op sy kop, en hy het 'n pantser van skubbe aangehad, die gewig van die pantser was vyf duisend sikkels koper,

⁶ en koper skenplate was aan sy bene en 'n koperspies tussen sy skouers.

⁷ En die hout van sy spies was soos 'n wewersbalk, en die lem van sy spies was van ses honderd sikkels yster, en 'n skilddraer het voor hom uit geloop.

⁸ En hy het gestaan en vir die leërs van Jisra'ël geskree en vir hulle gesê: "Waarom het julle uitgetrek om in slagorde op te stel? Is ek nie 'n Filistyn, en julle dienaars van Sha'ul nie? Kies vir julle 'n man, dat hy na my toe afkom."

⁹ "Indien hy teen my kan veg en my verslaan, sal ons julle dienaars wees. Maar indien ek hom oorwin en hom verslaan, moet julle ons dienaars wees en ons dien."

¹⁰ En die Filistyn het gesê: "Vandag sal ek die leërs van Jisra'ël beledig! Gee my 'n man, dat ons saam kan veg."

¹¹ En Sha'ul en die hele Jisra'ël het dié woorde van die Filistyn gehoor, en hulle was verbouereerd en baie bang.

¹² En Dawid was die seun van dié Efratiet van Bêt-Leḥem in Jahuda, met die naam Jishai. Hy het agt seuns gehad, en die man was in Sha'ul se dae oud, tussen die mans.

¹³ En die drie oudste seuns van Jishai het gegaan en Sha'ul in die oorlog gevolg. En die name van sy drie seuns wat in die oorlog gegaan het, was Elijab, die eersgeborene, en sy tweede, Abinadab, en die derde, Shamma.

¹⁴ Dawid was die jongste en die drie oudstes het Sha'ul gevolg.

¹⁵ En Dawid het van Sha'ul teruggegaan om die kleinvee van sy vader in Bêt-Leḥem op te pas.

¹⁶ En die Filistyn het soggens en saans nader gekom en gestaan, veertig dae lank.

¹⁷ Toe het Jishai aan sy seun Dawid gesê: "Neem asseblief vir jou broers 'n ēfa van hierdie gebraaide koring en hierdie tien brode, en hardloop na jou broers in die laer.

¹⁸ "En neem hierdie tien skywe kaas na die owerste oor duisend, en kyk hoe dit met jou broers gaan en bring van hulle 'n versekering terug."

¹⁹ En Sha'ul en hulle, en al die mans van Jisra'ël was in die vallei van Ēla, besig om teen die Palishtim te veg.

²⁰ En Dawid het vroeg die oggend opgestaan, die kleinvee aan die wagter afgegee en opgelaaai en gegaan soos Jishai hom beveel het. En toe hy by die laer kom, het die leër na die geveg uitgetrek, en geskreeu vir die oorlog.

²¹ Jisra'ël sowel as die Palishtim het slagordes opgestel, leër teen leër.

²² En Dawid het sy voorraad in die hand van die oppasser van die voorraad gelaat, en hy het na die leër gehardloop, en hy het aangekom, en sy broers gegroet.

²³ En kyk, terwyl hy met hulle gepraat het, het die man tussen die twee leërs, die Filistyn uit Gat, met die naam Góljat, uit die leërs van die Palishtim opgekom. En hy het dieselfde woorde gesê, en Dawid het gehoor.

²⁴ En al die mans van Jisra'ël het gevlug toe hulle die man sien, want hulle was baie bang.

²⁵ En die mans van Jisra'ël het gesê: "Het julle die man gesien wat daar opkom?"

Want hy kom op om Jisra'ël te beledig. En die koning sal die man wat hom verslaan, oorlaai met groot rykdom. Hy sal ook sy dogter aan hom gee en sy vader se huis vrystel van belasting in Jisra'ël."

²⁶ En Dawid het met die mans wat by hom gestaan het, gepraat en gesê: "Wat sal met die man gebeur wat hierdie Filistyn verslaan en die skande van Jisra'ël wegneem? Want wie is hierdie onbesnede Filistyn, dat hy die leërs van die lewende Elohim durf beledig?"

²⁷ En die mans het hom volgens die woord geantwoord en gesê: "Só sal met die man gebeur wat hom verslaan."

²⁸ En Eljab, sy oudste broer het hom met die mans hoor praat. En Eljab se ontevredenheid het teen Dawid gebrand en gesê: "Waarom het jy eintlik afgekóm? En by wie het jy daardie klompie kleinvee in die woestyn gelos? Ek ken jou vermetelheid en die boosheid van jou hart, want jy het afgekóm om die oorlog te sien."

²⁹ En Dawid het gesê: "Wat het ek nou gedoen? Was dit nie net 'n woord nie?"

³⁰ En hy het by hom weggedraai na iemand anders en dieselfde woorde gesê. En die mans het hom geantwoord volgens die eerste woorde.

³¹ En toe hulle die woorde gehoor het wat Dawid gesê het en dit aan Sha'ul vertel het, het dié hom laat haal.

³² En Dawid het aan Sha'ul gesê: "Laat niemand se hart gaan staan weens hom nie. U dienaar sal gaan en teen hierdie Filistyn veg."

³³ En Sha'ul het aan Dawid geê: "Jy kan nie na hierdie Filistyn gaan om teen hom te veg nie, want jy is 'n seun, en hy is 'n krygsman van sy jeug af."

³⁴ Toe het Dawid aan Sha'ul gesê: "U dienaar het vir sy vader die kleinvee opgepas, en wanneer daar 'n leeu of 'n beer kom en 'n stuk kleinvee uit die trop wegdra,

³⁵ het ek uitgegaan agter hom aan en hom verslaan, en dit uit sy bek gered. En wanneer hy teen my opgestaan het, het ek hom aan sy baard gegryp en verslaan

en hom doodgemaak.

³⁶ "U dienaar het die leeu sowel as die beer doodgeslaan. En met hierdie onbesnede Filistyn sal dit gaan net soos met een van hulle, omdat hy die leërs van die lewende Elohim beledig het."

³⁷ En Dawid het gesê: "יהוה wat my gered het uit die klou van die leeu en uit die klou van die beer, Hy sal my red uit die hand van hierdie Filistyn." En Sha'ul het vir Dawid gesê: "Gaan, en mag יהוה met jou wees!"

³⁸ En Sha'ul het Dawid sy klere laat aantrek en 'n koperhelm op sy kop gesit en hom 'n pantser laat aantrek.

³⁹ En Dawid het sy swaard bo-oor sy klere vasgegorde, en begin om te loop, maar hy het dit nooit probeer nie. Toe het Dawid vir Sha'ul gesê: "Ek kan nie hierin loop nie, want ek het dit nooit probeer nie." En Dawid het dit uitgetrek.

⁴⁰ En hy het sy staf in sy hand geneem en vir hom vyf gladde klippe uit die spruit gesoek en dit in sy herderstas gestee, 'n sak wat hy gehad het, en sy slinger was in sy hand. En hy het nader na die Filistyn gekom.

⁴¹ En die Filistyn het al nader en nader na Dawid gekom, en die skildraer voor hom.

⁴² En toe die Filistyn opgekyk en Dawid gesien het, het hy hom verag, want hy was 'n seun, rooierig en aantreklik.

⁴³ En die Filistyn het vir Dawid gesê: "Is ek 'n hond dat jy met stokke na my toe kom?" En die Filistyn het Dawid vervloek by sy elohim.

⁴⁴ En die Filistyn het vir Dawid gesê: "Kom na my toe, dat ek jou vleis aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee!"

⁴⁵ Maar Dawid het vir die Filistyn gesê: "Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van יהוה van die leërskare. Die Elohim van die leërs van Jisra'ël, wat jy beledig het.

⁴⁶ "Vandag sal יהוה jou in my hand oorlewer, en ek sal jou verslaan en jou

kop van jou wegneem, en die karkaste van die leër van die Palishtim vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde gee, sodat die hele aarde kan weet dat Elohim in Jisra'ël is.

⁴⁷ "En hierdie hele vergadering sal weet dat יהוה nie deur swaard en deur spies verlos nie, want die geveg behoort aan יהוה, en Hy sal julle in ons hand gee."

⁴⁸ En dit het gebeur toe die Filistyn opgestaan en nader gekom het om Dawid te ontmoet, het Dawid haastig na die front gehardloop om die Filistyn te ontmoet.

⁴⁹ En Dawid het sy hand in die tas gesteeek en 'n klip daaruit geneem en geslinger, en hy het die Filistyn in sy voorkop getref, sodat die klip in sy voorkop ingedring en hy op sy gesig teen die grond geval het.

⁵⁰ So het Dawid dan die Filistyn oorwin met 'n slinger en 'n klip. En hy het die Filistyn verslaan en hom doodgemaak en geen swaard was in Dawid se hand nie.

⁵¹ Dawid het toe gehardloop en oor die Filistyn gaan staan en sy swaard geneem, en dit uit sy skede getrek en hom doodgemaak, en hy het daarmee sy kop afgekap. En toe die Palishtim gesien het dat hulle held dood was, het hulle gevlug.

⁵² En die mans van Jisra'ël en van Jahuda het opgestaan en gejuig en die Palishtim agtervolg tot by die ingang van Gat en tot by die poorte van Ekron. En die gesneuweldes van die Palishtim het op die pad van Shaārājim en tot by Gat en tot by Ekron geval.

⁵³ Daarna het die kinders van Jisra'ël teruggedraai van die agtervolging van die Palishtim en hulle laer geplunder.

⁵⁴ En Dawid het die kop van die Filistyn geneem en dit na Jarushalajim gebring, maar sy wapens in sy tent gesit.

⁵⁵ En toe Sha'ul Dawid sien uittrek om die Filistyn te ontmoet, het hy vir אֲבִנֵּר, die leërowerste gesê: "Wie se seun is die jongman tog, אֲבִנֵּר?" En אֲבִנֵּר het gesê: "So waar as u wese leef, koning, ek weet dit nie!"

⁵⁶ En die koning het gesê: "Vra jy wie se seun hierdie jongman is."

⁵⁷ En toe Dawid teruggekem het nadat hy die Filistyn verslaan het, het אֲבִנֵּר hom geneem en hom voor Sha'ul gebring, met die kop van die Filistyn in sy hand.

⁵⁸ En Sha'ul het vir hom gesê: "Wie se seun is jy, jongman?" En Dawid het gesê: "Die seun van u dienaar Jishai, die Bēt-Lehemiet."

18 En dit het gebeur nadat hy sy gesprek met Sha'ul beëindig het, dat die wese van Jahonatan aan die wese van Dawid verkleef geraak het, en Jahonatan het hom liefgekyr soos sy eie wese.

² En Sha'ul het hom dié dag geneem en hom nie na sy familie laat teruggaan nie.

³ En Jahonatan het met Dawid 'n verbond gesluit, omdat hy hom liefgehad het soos sy eie wese.

⁴ En Jahonatan het sy mantel wat hy aangehad het, uitgetrek en dit aan Dawid gegee, ook sy klere, selfs sy swaard en sy boog en sy gordel.

⁵ En Dawid het uitgetrek oral waar Sha'ul hom gestuur het. Hy was verstandig, sodat Sha'ul hom oor die krygsmanne aangestel het, en dit was goed in die oë van die hele volk en ook in die oë van die dienaars van Sha'ul.

⁶ En dit het gebeur toe hulle tuis gekom het, en Dawid ook terug was nadat hy die Filistyn verslaan het, dat die vrouens uit al die stede van Jisra'ël gegaan het met sang en danse om koning Sha'ul te ontmoet, met tamboeryne, met vreugde en met driesnaar instrumente.

⁷ En die vrouens het dansend gesing en gesê: "Sha'ul het sy duisende verslaan, en Dawid sy tien duisende!"

⁸ En Sha'ul het baie kwaad geword, want hierdie woord was boos in sy oë. En hy het gesê: "Hulle het Dawid tien duisende gegee, maar my duisende gegee. Wat meer vir hom, behalwe die koningskap?"

⁹ En van dié dag af en verder het Sha'ul die oog op Dawid gehad.

¹⁰ En dit het die volgende dag gebeur dat die bose gees van Elohim oor Sha'ul

gekom het, en hy het binne die huis geprofeteer terwyl Dawid soos elke dag met sy hand gespeel het. En Sha'ul het 'n spies in sy hand gehou.

¹¹ Toe het Sha'ul die spies gegooi en gesê: "Ek wil Dawid teen die muur vassteek!" Maar Dawid het twee maal vir hom padgegee.

¹² En Sha'ul was bevrees vir Dawid, omdat יהוה met hom was en van Sha'ul weggedraai het.

¹³ Daarom het Sha'ul hom uit sy teenwoordigheid verwyder en hom aangestel as sy owerste oor duisend. En hy het voor die mans uit en ingegaan.

¹⁴ En Dawid was verstandig in al sy weë, want יהוה was met hom.

¹⁵ En Sha'ul het gesien dat hy baie verstandig was, en was bang vir hom.

¹⁶ Maar die hele Jisra'ël en Jahuda het Dawid liefgehad, want hy het voor hulle uit en ingegaan.

¹⁷ En Sha'ul het vir Dawid gesê: "Hier is my oudste dogter Mērab! Ek gee haar aan jou as vrou. Wees net vir my 'n dapper man en voer die oorloë van יהוה." Want Sha'ul het gedink: "Laat my hand nie teen hom wees nie, maar laat die hand van die Palishtim teen hom wees."

¹⁸ En Dawid het vir Sha'ul gesê: "Wie is ek, en wat is my lewe of die familie van my vader in Jisra'ël, dat ek 'n skoonseun van die koning sou word?"

¹⁹ En dit het gebeur teen die tyd dat Mērab, die dogter van Sha'ul, aan Dawid moes gegee word, dat sy aan Adri'ël, die Mēholatiet, as vrou gegee is.

²⁰ En Migal, Sha'ul se dogter, het Dawid liefgehad. En hulle het dit aan Sha'ul vertel, en die saak was reg in sy oë.

²¹ En Sha'ul het gesê: "Laat ek haar aan hom gee, dat sy vir hom 'n strik kan wees en dat die hand van die Palishtim teen hom kan wees." En Sha'ul het vir die tweede keer aan Dawid gesê: "Word vandag my skoonseun!"

²² En Sha'ul het sy dienaars bevel gegee: "Praat met Dawid onderlangs en sê: 'Kyk, die koning hou van jou, en al sy dienaars

het jou lief. Word nou maar die koning se skoonseun!'"

²³ Die dienaars van Sha'ul het toe hierdie woorde in die ore van Dawid gesê. En Dawid het gesê: "Is dit 'n kleinigheid in jul oë om die koning se skoonseun te wees, terwyl ek 'n arm en geringe man is?"

²⁴ En die dienaars van Sha'ul het dit aan hom vertel en gesê: "Sulke woorde het Dawid gesê."

²⁵ En Sha'ul het gesê: "So moet julle aan Dawid sê: 'Die koning het geen behae in 'n bruidsprys buiten honderd voorhuide van Palishtim nie, as wraakneming op die vyande van die koning.'" Maar Sha'ul het bedoel om Dawid te laat val deur die hand van die Palishtim.

²⁶ En sy dienaars het hierdie woorde aan Dawid vertel, en die saak was reg in die oë van Dawid om skoonseun van die koning te word. En voordat die dae verstryk het,

²⁷ het Dawid opgestaan en met sy mans uitgetrek, en hulle het twee honderd man onder die Palishtim doodgeslaan. En Dawid het hulle voorhuide gebring en dit volledig aan die koning gegee, om die koning se skoonseun te kon word. En Sha'ul het sy dogter Migal aan hom as vrou gegee.

²⁸ En Sha'ul het gesien en geweet dat יהוה met Dawid was, en Migal, die dogter van Sha'ul, het hom lief.

²⁹ Sha'ul het toe nog meer bevrees geword vir Dawid. En Sha'ul het Dawid se vyand geword al die dae.

³⁰ En die vorste van die Palishtim het uitgetrek. En dit het gebeur so dikwels as hulle uittrek, dat Dawid meer verstandig was as al die dienaars van Sha'ul, sodat sy naam hoog geag was.

19 En Sha'ul het met sy seun Jonatan en met al sy dienaars gepraat om Dawid dood te maak. Maar Jahonatan, die seun van Sha'ul, het baie van Dawid gehou, ² en Jahonatan het aan Dawid vertel en gesê: "My vader Sha'ul, soek geleentheid om jou dood te maak. "En nou,

1 SH'MU'ĒL 19

wees asseblief op jou hoede tot môre vroeg en bly verborge, en versteek jouself.

³ “En ek sal uitgaan en langs my vader gaan staan in die veld waar jy is, en ek sal met my vader oor jou praat, en ek sal sien, en ek sal jou laat weet.”

⁴ En Jahonatan het goed van Dawid by sy vader Sha'ul gepraat en vir hom gesê: “Laat die koning tog nie teen sy dienaar, teen Dawid sondig nie, want hy het nie teen u gesondig nie, en omdat sy optrede teenoor u baie goed was.

⁵ “Hy het sy lewe gewaag en die Filistyn verslaan, en יהוה het aan die hele Jis-ra'ël 'n groot verlossing besorg. U het dit gesien en u was bly. Waarom sal u dan teen onskuldige bloed sondig deur Dawid sonder oorsaak dood te maak?”

⁶ En Sha'ul het na die stem van Jahonatan geluister, en Sha'ul het gesweer: “So waar as יהוה leef, hy sal nie sterf nie!”

⁷ Jahonatan het Dawid toe geroep, en Jahonatan het al hierdie woorde aan hom vertel. En Jahonatan het Dawid na Sha'ul gebring, en hy was voor hom soos gister en eergister.

⁸ En daar het weer oorlog kom, en Dawid het uitgetrek en teen die Palisstim geveg en hulle verslaan, 'n groot slagting, en hulle het voor hom gevlug.

⁹ En 'n bose gees van יהוה het oor Sha'ul gekom terwyl hy in sy huis met sy spies in sy hand gesit het. En Dawid het met die hand *op die snare* gespeel.

¹⁰ En Sha'ul het probeer om Dawid met die spies teen die muur vas te steek, maar hy het vir Sha'ul gekoes, sodat hy die spies teen die muur vasgegooi het. En Dawid het gevlug en daardie nag ontsnap.

¹¹ En Sha'ul het boodskappers na Dawid se huis gestuur om hom te bewaak en hom die môre vroeg dood te maak. En sy vrou Migal het dit aan Dawid vertel en gesê: “Indien jy nie vannag jou lewe red nie, word jy môre doodgemaak.”

¹² Migal het Dawid toe deur die venster laat afsak en hy het weggegaan en

gevlug en ontsnap.

¹³ En het Migal die huisdool geneem en dit op die bed neergelê, en sy het 'n doek van bokhaar op sy kop gesit en dit met 'n kombes bedek.

¹⁴ En toe Sha'ul boodskappers gestuur het om Dawid te gaan haal, het sy gesê: “Hy is siek.”

¹⁵ En Sha'ul het die boodskappers teruggestuur om Dawid te besoek en gesê: “Bring hom met bed en al na my toe, dat ek hom kan doodmaak.”

¹⁶ En die boodskappers het ingekom, en die huisdool daar op die bed met die doek van bokhaar aan sy kop gesien lê!

¹⁷ En Sha'ul het vir Migal gesê: “Waarom het jy my so bedrieg en my vyand laat gaan, sodat hy ontsnap het?” En Migal het Sha'ul geantwoord: “Hy het vir my gesê: ‘Laat my gaan, hoekom moet ek jou doodmaak?’”

¹⁸ En Dawid het gevlug en ontsnap en na Sh'mu'ël in Rama gegaan en hom alles vertel wat Sha'ul aan hom gedoen het. En hy en Sh'mu'ël het gegaan, en hulle het in Nawit gebly.

¹⁹ En aan Sha'ul is vertel en gesê: “Kyk, Dawid is in Nawit in Rama!”

²⁰ En Sha'ul het boodskappers gestuur om Dawid te gaan haal. En hulle het die groep profete gesien profeteer, met Sh'mu'ël as leier oor hulle, en die Gees van Elohim het oor die boodskappers van Sha'ul gekom, en hulle het ook geprofeteer.

²¹ En toe Sha'ul vertel is, het hy ander boodskappers gestuur, maar hulle het ook geprofeteer. En Sha'ul het die derde keer weer boodskappers gestuur, en hulle het ook geprofeteer.

²² En hy het self ook na Rama gegaan en by die groot put gekom wat by Segu is, en gevra en gesê: “Waar is Sh'mu'ël en Dawid?” En een het gesê: “Daar in Nawit in Rama.”

²³ Hy het toe daarheen, na Nawit in Rama gegaan. En die Gees van Elohim het ook oor hom gekom, en hy het oral geloop en geprofeteer totdat hy in Nawit

in Rama gekom het.

²⁴ En hy het ook self sy klere uitgetrek en ook voor Sh'mu'ēl geprofeteer en naak gelê daardie hele dag en die hele nag. Daarom sê hulle: "Is Sha'ul ook onder die profete?"

20 En Dawid het van Nawit in Rama gevlug, en hy het by Jahonatan gekom en gesê: "Wat het ek gedoen? Wat is my misdaad, en wat is my sonde voor jou vader, dat hy my lewe soek?"

² En hy het vir hom gesê: "Beslis nie! Jy sal nie sterf nie. Kyk, my vader doen geen ding, klein of groot, sonder om dit aan my te openbaar nie. Waarom sou my vader dan hierdie saak vir my wegsteek? Dit is nie so nie."

³ En Dawid het weer gesweer en gesê: "Jou vader weet baie goed dat ek guns in jou oë gevind het, en hy sê: 'Moenie Jahonatan dit nie laat weet nie, anders word hy bedroef.' Maar so waar as יהוה leef en jou wese leef, daar is maar net een tree tussen my en die dood!"

⁴ En Jahonatan het aan Dawid gesê: "Wat jy ookal begeer, doen ek vir jou."

⁵ En Dawid het vir Jahonatan gesê: "Kyk, môre is dit nuwemaan, en ek moet verseker saam met die koning aansit om te eet. Maar laat my gaan, dat ek sal in die veld wegkruip tot die aand van die derde dag.

⁶ "Indien jou vader my enigszins mis, moet jy sê: 'Dawid het my dringend verlof gevra om vinnig na sy stad Bêt-Lehem te loop, want daar is die jaarlikse offer vir die hele familie.'

⁷ "Indien hy sê: 'Goed!' dan is jou dienaar veilig. Maar indien hy baie kwaad word, weet dan dat die boosheid van sy kant vas besluit is.

⁸ "Bewys dan guns aan jou dienaar, want jy het jou dienaar met jou saam in 'n verbond van יהוה gebring. En indien daar by my 'n misdaad is, maak jy my dan self dood, waarom sou jy my na jou vader bring?"

⁹ En Jahonatan het gesê: "Dit is ver van jou! Want indien ek met sekerheid weet

dat my vader vas besluit dat boosheid oor jou moet kom, sou ek jou dit dan laat weet nie?"

¹⁰ En Dawid het aan Jahonatan gesê: "Wie sal my laat weet of jou vader jou miskien 'n harde antwoord gee?"

¹¹ En Jahonatan het vir Dawid gesê: "Kom, laat ons uitgaan in die veld." En hulle twee het die in veld uitgegaan.

¹² En Jahonatan het vir Dawid gesê: "יהוה, die Elohim van Jisra'él, *is getuiel*! Wanneer ek my vader môre of oormôre op hierdie tyd sal uitvra, en indien dit gunstig is vir Dawid, sal ek dan nie na jou stuur en dit aan jou openbaar nie?"

¹³ "Mag יהוה so aan Jahonatan doen en nog meer. Indien my vader goevind om teespoed oor jou te bring, dan sal ek dit aan jou openbaar en jou laat gaan, dat jy veilig kan wegkom. En mag יהוה met jou wees soos Hy met my vader was.

¹⁴ "Maar bewys my die guns van יהוה terwyl ek dan nog lewe, sodat ek nie sterf nie,

¹⁵ en sny nooit jou guns van my huis af wanneer יהוה die vyande van Dawid, elkeen, van die aarde af uitroei nie."

¹⁶ So het Jahonatan dan 'n verbond met die huis van Dawid gesluit en gesê: "יהוה eis van die hand van Dawid se vyande."

¹⁷ En Jahonatan het Dawid weer laat sweer by sy liefde vir hom, want hy het hom liefgehad met die liefde van sy wese.

¹⁸ En Jahonatan het vir hom gesê: "Môre is dit Nuwemaan, en jy sal gemis word, want jou sitplek sal leeg wees.

¹⁹ "En op die derde dag moet jy vinnig afkom en gaan na die plek waar jy op die werkdag weggekruip het, en jy moet langs die klip Etsel gaan sit.

²⁰ "Dan sal ek drie pyle aan die kant daarvan skiet asof ek na 'n teiken skiet.

²¹ "En kyk, ek sal die dienaar stuur en sê: 'Gaan soek die pyle!' Indien ek uitdruklik aan die dienaar sê: 'Daar is die pyle, hierdie kant van jou, kry dit en kom,' dan kan jy maar kom, want jy is veilig en daar is niks nie, soos יהוה leef!

²² "Maar indien ek só aan die jongman sê: 'Kyk, die pyle lê anderkant van jou af, gaan dan weg, want יהוה יורה jou weg.'

²³ "En wat die saak aangaan wat ons bespreek het, ek en jy, kyk, יהוה is tussen my en jou vir ewig."

²⁴ En Dawid het in die veld weggekrui. En toe dit Nuwemaan was, het die koning by die kos gaan sit om te eet.

²⁵ Die koning het op sy sitplek gaan sit soos die vorige kere, op die sitplek teen die muur en Jahonatan het gestaan, en Abnêr het langs Sha'ul gesit, maar Dawid se plek was leeg.

²⁶ En Sha'ul het daardie dag niks gesê nie, want hy het gedink: "Daar het iets met hom gebeur, hy is nie rein nie, want hy is nie gereinig nie."

²⁷ En dit het gebeur op die volgende dag, die tweede dag van die Nuwemaan, dat Dawid se plek leeg was. En Sha'ul het vir sy seun Jahonatan gesê: "Waarom het die seun van Jishai nie gister of vandag gekom om te eet nie?"

²⁸ En Jahonatan het Sha'ul geantwoord: "Dawid het my dringend verlot gevra na Bêt-Lehem."

²⁹ "En hy het gesê: 'Laat my tog gaan, want ons het 'n familie-offer in die stad, en my broer self het my laat roep. Indien ek dan nou guns in jou oë gevind het, laat my tog gaan om my broers te besoek.' Daarom het hy nie aan die koning se tafel gekom nie."

³⁰ Toe het die toorn van Sha'ul teen Jahonatan ontvlam, en hy het vir hom gesê: "Jou verdraaide, opstandige seun! Weet ek nie dat jy die seun van Jishai verkies tot jou skande en tot skande van jou moeder se naaktheid nie?"

³¹ "Want solank die seun van Jishai op die aarde lewe, sal jy en jou koningskap nie bevestig word nie. En nou, stuur en bring hom na my, want hy is 'n seun van die dood."

³² En Jahonatan het sy vader Sha'ul geantwoord en vir hom gesê: "Waarom moet hy dood gemaak word? Wat het hy gedoen?"

³³ En Sha'ul het die spies na hom gegooi om hom te tref. Jahonatan het toe geweet dat sy vader vas besluit het om Dawid dood te maak.

³⁴ En Jahonatan het toe in gloeiende woede van die tafel opgestaan, en hy het geen brood op die tweede dag van die Nuwemaan geëet nie, want hy was oor Dawid bedroef, omdat sy vader hom skandelik behandel het.

³⁵ En die volgende môre het dit gebeur dat Jahonatan na die veld toe uitgegaan het, volgens afspraak met Dawid, en 'n jong seun met hom saam.

³⁶ En hy het aan die seun gesê: "Loop soek tog die pyle wat ek afskiet." En terwyl die dienaar loop, het hy 'n pyl verby hom geskiet.

³⁷ En die dienaar het by die plek gekom waar Jahonatan die pyl geskiet het, en Jahonatan het die seun agterna geroep en gesê: "Lê die pyl nie verder van jou af nie?"

³⁸ En Jahonatan het die seun agterna geroep: "Maak gou, hardloop, moenie bly staan nie!" En die dienaar van Jahonatan het die pyl opgetel en by sy meester gekom.

³⁹ Maar die seun het van niks geweet nie. Net Jahonatan en Dawid het van die saak geweet.

⁴⁰ Toe het Jahonatan sy wapens aan die seun wat by hom was gegee, en vir hom gesê: "Gaan, neem dit na die stad."

⁴¹ En Dawid het van die suidekant opgestaan toe dienaar weg is. En hy het met sy gesig op die aarde geval en drie maal gebuig. Daarna het hulle mekaar gesoen en saam gehuil, maar Dawid nog meer.

⁴² En Jahonatan het vir Dawid gesê: "Gaan in vrede, omdat ons twee in die Naam van יהוה gesweer en gesê het: 'יהוה sal tussen my en jou wees, en tussen my saad en jou saad vir altyd.'" Daarna het hy opgestaan en weggegaan, maar Jahonatan het in die stad gegaan.

21 En Dawid het in Nob gekom by die priester Ahiméleg. En Ahiméleg het Dawid bewend tegemoetgegaan en hom

gevra: "Waarom is u alleen, en is daar niemand by u nie?"

² En Dawid het aan die priester Ahiméleg gesê: "Die koning het my 'n opdrag gegee en aan my gesê: 'Laat geen mens iets van die saak weet waarvoor ek jou stuur en wat ek jou opdra nie.' Daarom het ek die dienaars 'n sekere plek aangewys."

³ "En nou, wat het u op hande? Gee vyf brode in my hand, of wat hier is."

⁴ En die priester het Dawid geantwoord en gesê: "Hier is geen gewone brood by my nie, maar hier is afgesonderde brood, solank die dienaars hulle maar net van vrouens weerhou het."

⁵ En Dawid het die priester geantwoord en vir hom gesê: "Sekerlik, vrouens is van ons weerhou gister en eergister, sedert ek uitgetrek het. Dus is die uitrustings van die dienaars afgesonderd, en dit is 'n gewone onderneming en vandag is dit in die uitrusting afgesonderd!"

⁶ En die priester het hom die afgesonderde *brood* gegee, want daar was geen ander brood nie, behalwe die toonbrode wat voor יהוה weggeneem word, om vars brood neer te sit op die dag wanneer dit weggeneem word.

⁷ Maar daar was 'n man uit die dienaars van Sha'ul wat dieselfde dag voor יהוה opgesluit was, en sy naam was Do'ég, 'n Edomiet, die opsigter oor die veewagters van Sha'ul.

⁸ En Dawid het vir Ahiméleg gesê: "Is hier nie 'n spies of 'n swaard by u nie? Want ek het my swaard sowel as my wapens nie met my saamgeneem nie, omdat die opdrag van die koning dringend was."

⁹ En die priester het gesê: "Die swaard van Góljat, die Filistyn, wat u in die Vallei van Éla verslaan het. Kyk, hier is dit in 'n mantel toegedraai, agter die skouerkleed. Indien u dit vir u wil neem, neem dit, want behalwe dit is hier geen ander nie." Toe het Dawid gesê: "Daar is nie nog so een nie, gee dit aan my."

¹⁰ En Dawid het opgestaan en dié dag

van Sha'ul af weggevlug en by Agish, die koning van Gat, gekom.

¹¹ Maar die dienaars van Agish het hom gevra: "Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Het hulle nie vir hom in die koordanse gesing nie en gesê: 'Sha'ul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tien duisende?'"

¹² En Dawid het hierdie woorde ter harte geneem en baie bang geword vir Agish, die koning van Gat.

¹³ En hy het sy gedrag voor hulle oë verander en hom mal gehou onder hulle hand en op die deure van die poort gekrap en sy speeksel in sy baard laat afloop.

¹⁴ En Agish het aan sy dienaars gesê: "Kyk, julle sien tog die man is mal. Waarom bring julle hom na my toe?"

¹⁵ "Het ek gebrek aan malles, dat julle hierdie een bring om sy malheid by my uit te haal? Moet so een my huis inkom?"

22 En Dawid het daarvandaan weggegaan en ontsnap na die grot van Adúllam. En toe sy broers en sy hele familie dit hoor, het hulle daarheen afgetrek na hom.

² En elkeen wat in benoudheid was, en elkeen wat in skuld was, en elkeen wat verbitterd was, het by hom vergader. En hy het leier oor hulle geword, en daar was omtrent vier honderd man saam met hom.

³ En vandaar het Dawid na Mitspe in Moab gegaan en aan die koning van Moab gesê: "Laat my vader en my moeder tog uitkom by julle totdat ek weet wat Elohim met my wil doen."

⁴ En hy het hulle voor die koning van Moab gebring, en hulle het by hom gebly al die dae wat Dawid in die bergvesting was.

⁵ Maar die profeet Gad het vir Dawid gesê: "Moet nie in die bergvesting bly nie. Trek weg en gaan na die land Jahuda." En Dawid het weggetrek en in die Héret woud gekom.

⁶ En Sha'ul het gehoor dat Dawid en die mans wat by hom was, opgemerk is, terwyl Sha'ul by Giḅ'a op die hoogte

onder die tamarisk in Rama gesit het met sy spies in sy hand, en al sy dienaars by hom gestaan het.

⁷ En Sha'ul het aan sy dienaars wat by hom gestaan het, gesê: "Luister tog, Benjamins! Sal die seun van Jishai ook vir julle almal lande en wingerde gee, julle almal aanstel as owerstes oor duisend en owerstes oor honderd?"

⁸ "Want julle almal het teen my saamgesweer en niemand het aan my geopenbaar dat my seun met die seun van Jishai 'n verbond gesluit het nie? En niemand van julle het met my medelye en aan my geopenbaar dat my seun my onderdaan teen my ophits om my voor te lê, soos vandag die geval is nie."

⁹ En Do'ëg, die Edomiet, wat by die dienaars van Sha'ul gestaan het, het geantwoord en gesê: "Ek het die seun van Jishai na Nob sien gaan by Ahiméleg, die seun van Ahitub."

¹⁰ "En hy het יהוה geraadpleeg vir hom en hom padkos gegee. Hy het ook die swaard van Góljat, die Filistyn, aan hom gegee."

¹¹ En die koning het gestuur en Ahiméleg, die seun van Ahitub, die priester, met sy vader se hele huis, die priesters wat in Nob was, geroep, en hulle het almal na die koning gekom.

¹² En Sha'ul het gesê: "Luister nou, seun van Ahitub!" En hy het gesê: "Hier is ek, my meester!"

¹³ En Sha'ul het vir hom gesê: "Waarom het julle teen my saamgesweer, jy en die seun van Jishai, deurdat jy vir hom brood en 'n swaard gegee het en Elohim vir hom geraadpleeg het, sodat hy hom as iemand wat my voorlê, teen my sou versit soos vandag die geval is?"

¹⁴ En Ahiméleg het die koning geantwoord en gesê: "Maar wie is onder al u dienaars so getrou soos Dawid, wat skoonseun van die koning is en aangesluit het by u lyfwag en geag word in u huis?"

¹⁵ "Het ek vandag vir die eerste keer Elohim vir hom geraadpleeg? Dit is ver

van my! Die koning moet nie op sy dienaar, of op my vader se huis, iets lê nie. Want u dienaar het van hierdie hele saak, klein of groot, niks geweet nie."

¹⁶ En die koning het gesê: "Ahiméleg, jy moet verseker sterf, jy en die hele huis van jou vader!"

¹⁷ Die koning het toe aan die wagte wat by hom gestaan het, gesê: "Draai en maak die priesters van יהוה dood, omdat hulle hand ook met Dawid saam is en omdat hulle geweet het dat hy vlug en dit nie aan my geopenbaar het nie." Maar die dienaars van die koning wou hulle hand nie uitsteek om op die priesters van יהוה aan te val nie.

¹⁸ En die koning het vir Do'ëg gesê: "Draai jy en val die priesters aan." Do'ëg, die Edomiet, het gedraai en hy het die priesters aangeval. En hy het op dié dag vyf en tagtig man wat die linne-skouerkleed dra, doodgemaak.

¹⁹ En hy het die priesterstad Nob met die skerpte van die swaard verslaan, man sowel as vrou, kind sowel as suigling, ook die beeste en donkies en skape met die skerpte van die swaard.

²⁰ Maar een van die seuns van Ahiméleg, die seun van Ahitub, met die naam Ebjatar, het ontsnap en agter Dawid aan gevlug.

²¹ En Ebjatar het aan Dawid vertel dat Sha'ul die priesters van יהוה vermoor het.

²² En Dawid het vir Ebjatar gesê: "Ek het daardie dag toe Do'ëg, die Edomiet, daar was, geweet dat hy dit verseker aan Sha'ul sou vertel. Ek is aanspreeklik vir al die lewens van jou vader se huis."

²³ "Bly by my, wees nie bevrees nie. Want die wat my lewe soek, soek ook jou lewe, maar jy is veilig by my."

23 En Dawid is ingelig en gesê: "Kyk, die Palishtim veg teen Keila, en hulle plunder die dorsvloere."

² Dawid het יהוה toe geraadpleeg en gesê: "Sal ek gaan en daardie Palishtim verslaan?" En יהוה het vir Dawid gesê: "Gaan en verslaan die Palishtim en verlos

Keila."

³ En die mans van Dawid het vir hom gesê: "Kyk, ons is hier in Jahuda bevrees, hoeveel te meer dan indien ons na Keila, teen die leërmag van die Palishtim trek?"

⁴ En Dawid het יהוה weereens geraadpleeg. En יהוה het hom geantwoord en gesê: "Staan op, trek af na Keila, want Ek gee die Palishtim in jou hand."

⁵ Daarom het Dawid met sy mans na Keila getrek en teen die Palishtim geveg en hulle vee weggevoer en 'n groot slag onder hulle geslaan. So het Dawid dan die inwoners van Keila verlos.

⁶ En dit het gebeur toe Ebjatar, die seun van Ahiméleg, na Dawid gevlug het, dat hy na Keila afgekom het met die skouerkleed in sy hand.

⁷ En Sha'ul was vertel dat Dawid in Keila gekom het, en Sha'ul het gesê: "Elohim het hom in my hand oorgelewer, want hy het homself opgesluit deurdat hy in 'n stad met hekke en grendels gegaan het."

⁸ En Sha'ul het al die mans vir die geveg opgeroep om af te trek na Keila om Dawid en sy mans te beleër.

⁹ En Dawid het geweet dat Sha'ul teëspoed teen hom beraam, en hy het aan die priester Ebjatar gesê: "Bring die skouerkleed hier."

¹⁰ En Dawid het gesê: "יהוה, Elohim van Jisra'el, U dienaar het verseker gehoor dat Sha'ul na Keila wil trek om die stad om my ontwil te verwoes.

¹¹ "Sal die burgers van Keila my in sy hand uitlewer? Sal Sha'ul afkom soos U dienaar gehoor het? יהוה, Elohim van Jisra'el, ek smeek, laat U dienaar tog weet!" En יהוה het gesê: "Hy kom af."

¹² En Dawid het gesê: "Sal die burgers van Keila my en my mans in die hand van Sha'ul uitlewer?" En יהוה het gesê: "Hulle sal uitlewer."

¹³ En Dawid het opgestaan met sy mans, ongeveer ses honderd man, en hulle het uit Keila vertrek en rondgetrek waar hulle maar kon. En Sha'ul was ingelig dat Dawid uit Keila ontsnap het, en hy het opgehou om uit te trek.

¹⁴ En Dawid het in die woestyn, in die bergvestings, ook op die gebergte in die woestyn Sif, gebly. En Sha'ul het hom elke dag gesoek, maar Elohim het hom nie in sy hand oorgegee nie.

¹⁵ En Dawid het gesien dat Sha'ul uitgetrek het om sy lewe te soek, terwyl Dawid in die woestyn Sif, in Hōresh was.

¹⁶ En Jahonatan, Sha'ul se seun, het opgestaan en na Dawid in Hōresh ge-gaan. En hy het sy hand in Elohim versterk,

¹⁷ en vir hom gesê: "Moenie vrees nie, want die hand van Sha'ul, my vader, sal jou nie vind nie, maar jy sal koning word oor Jisra'el, en ek sal die tweede onder jou wees. Selfs my vader Sha'ul weet dit."

¹⁸ En hulle twee het 'n verbond voor יהוה gesluit. En Dawid het in Hōresh gebly, maar Jahonatan het na sy huis gegaan.

¹⁹ En die Sifiete het na Sha'ul, na Giḇ'a, opgegaan en gesê: "Kruip Dawid nie by ons in die bergvestings, in Hōresh, op die heuwel Ḥagila wat suid van die wildernis lê, weg nie?"

²⁰ "En nou, koning, na al die begeertes van u hart, kom af, en ons sal sorg om hom in die hand van die koning oor te lewer."

²¹ En Sha'ul het gesê: "Geseënd is julle deur יהוה, omdat julle medelye met my gehad het.

²² "Gaan tog, maak verder klaar en ondersoek en bekijk die plek waar sy skuilplek is, wie hom daar gesien het. Want ek is vertel dat hy baie geslepe is.

²³ "Daarom, bekijk en ondersoek al die skuilplekke waar hy wegkruip. En kom verseker na my terug, dan sal ek met julle saamgaan. En indien hy in die land is, sal ek hom opspoor onder al die families van Jahuda."

²⁴ En hulle het opgestaan en voor Sha'ul uit na Sif gegaan, terwyl Dawid en sy mans in die woestyn Maon was, in die woestyn vlakke suid van die wildernis.

²⁵ En Sha'ul het met sy mans getrek om hom te soek, en dit is aan Dawid vertel. Daarom het hy afgetrek na die rots en in

die woestyn Maon gebly. En Sha'ul het dit gehoor en Dawid in die woestyn Maon agtervolg.

²⁶ En Sha'ul het aan die een kant van die berg getrek, maar Dawid met sy mans was aan die ander kant van die berg. En Dawid het in angs gevlug om van Sha'ul weg te kom, terwyl Sha'ul en sy mans Dawid en sy mans omsingel om hulle te vang.

²⁷ Daar het toe 'n boodskapper by Sha'ul gekom en gesê: "Maak gou en kom, want die Palishtim het die land ingeval."

²⁸ Daarop het Sha'ul omgedraai en Dawid nie meer agtervolg nie, maar teen die Palishtim opgetrek. Daarom noem hulle daardie plek Sela-Hamahlekot^c.

²⁹ En daarvandaan het Dawid opgetrek en in die bergvestings van Ēn-Gedi gebly.

24 En toe Sha'ul teruggekom het van die agtervolging van die Palishtim, is aan hom berig en gesê: "Kyk, Dawid is in die woestyn van Ēn-Gedi."

² Daarop het Sha'ul drie duisend uitgesoekte mans uit die hele Jisra'ël geneem en gegaan om Dawid en sy mans te soek by die Steenbokrotse.

³ En hy het by die skaapkrake langs die pad waar 'n grot was, gekom en Sha'ul het daar ingegaan om sy voete te bedek, terwyl Dawid en sy mans agter in die grot gesit het.

⁴ En die mans van Dawid het aan hom gesê: "Kyk, dit is die dag dat יהוה aan u sê: 'Nou gee Ek jou vyand in jou hand, en maak met hom soos goed is in jou oë.'" En Dawid het opgestaan en stille-tjies die hoek van Sha'ul se mantel afgesny.

⁵ Maar daarna het Dawid se gewete hom gepla, omdat hy die hoek van Sha'ul afgesny het.

⁶ En hy het aan sy mans gesê: "Mag יהוה my bewaar dat ek so iets aan my meester, die gesalfde van יהוה, sou doen om my hand teen hom uit te steek, want hy is die gesalfde van יהוה."

^c Rots van Skeiding

⁷ En Dawid het sy mans streng bestraf en hulle nie toegelaat om teen Sha'ul op te staan nie. En Sha'ul het uit die grot opgestaan en sy koers gegaan.

⁸ Daarna het Dawid ook opgestaan en uit die grot gegaan en agter Sha'ul aangeroep en gesê: "My meester die koning!" En toe Sha'ul agter hom gekyk het, het Dawid met sy gesig na die aarde toe gebuig en neer geval.

⁹ En Dawid het vir Sha'ul gesê: "Waarom luister u na die woorde van mense wat sê: 'Kyk, Dawid soek u teëspoed'?"

¹⁰ "Kyk, vandag sien u eie oë dat יהוה u vandag in die grot in my hand gegee het, en hulle het gesê ek moet u dood-maak, maar ek het u verskoon en gesê: 'Ek sal my hand nie uitsteek teen my meester nie, want hy is die gesalfde van יהוה.'

¹¹ "En kyk, my vader, ja, kyk die hoek van u mantel in my hand! Want toe ek die hoek van u mantel afgesny het, het ek u nie doodgemaak nie. Erken en sien dat daar by my geen boosheid of rebellie is en ek nie teen u gesondig het nie, terwyl u my jag om my lewe te neem.

¹² "יהוה sal oordeel tussen my en u, en יהוה sal my op u wreek, maar my hand sal teen u nie wees nie.

¹³ "Soos die spreekwoord van die voorvaders sê: 'Boosheid kom van die bose.' Maar my hand sal nie teen u wees nie.

¹⁴ "Agter wie het die koning van Jisra'ël uitgetrek? Agter wie kom u aangejaag? Agter 'n dooie hond? Agter een vlooi?"

¹⁵ "Maar יהוה sal regter wees en oordeel tussen my en u. Ja, mag Hy toesien en my saak verdedig en aan my reg oordeel uit u hand."

¹⁶ En toe Dawid hierdie woorde klaar aan Sha'ul gesê het, het Sha'ul gesê: "Is dit jou stem, my seun Dawid?" En Sha'ul het sy stem verhef en geween.

¹⁷ En hy het aan Dawid gesê: "Jy is regverdiger as ek, want jy het my goed behandel terwyl ek jou kwaad behandel het.

¹⁸ "En jy het vandag gewys dat jy goed aan my gedoen het, toe יהוה my in jou

hand oorgelewer het, maar jy het my nie doodgemaak nie.

¹⁹ "Want indien iemand sy vyand aantref, sal hy hom op 'n goeie pad laat gaan? Maar יהוה sal jou goed beloon vir wat jy vandag aan my gedoen het.

²⁰ "En nou, kyk, ek weet jy sal verseker koning word, en die koningskap oor Jisra'el sal in jou hand bevestig word.

²¹ "Sweer dan nou vir my by יהוה dat jy my saad ná my nie sal uitroei en my naam uit my vader se huis nie sal uitdelg nie."

²² En Dawid het vir Sha'ul gesweer. En Sha'ul het na sy huis gegaan, maar Dawid en sy mans het na die bergvesting opgetrek.

25 En Sh'mu'el het gesterf, en die hele Jisra'el het saamgekom en oor hom gerou en hom begrawe by sy huis in Rama. En Dawid het opgestaan en na die woestyn Paran afgegaan.

² En daar was 'n man in Maon wat sy werk in Karmel gehad het, en die man was baie ryk. Hy het drie duisend skape en duisend bokke gehad. En hy was besig om sy skape in Karmel te skeer.

³ En die naam van die man was Naḅal, en die naam van sy vrou Abigajil. En die vrou het 'n goeie verstand gehad en was mooi van aansien. Maar die man was grof en boos in sy dade. En hy was van Kalēḅ.

⁴ Dawid het in die woestyn gehoor dat Naḅal sy skape skeer.

⁵ En Dawid het tien jongmans gestuur, en Dawid het aan die jongmans gesê: "Gaan op na Karmel en gaan na Naḅal en groet hom in my naam,

⁶ en sê dit: 'n Lang lewe en vrede vir u! En vrede vir u huis, en vrede vir alles wat u besit.

⁷ "En nou, ek het gehoor dat u skeerders het. Nou ja, u wagters was met ons saam. Ons het hulle nie beledig nie, en hulle het ook niks vermis al die dae wat hulle in Karmel was nie.

⁸ "Vra u dienaars, en hulle sal u dit vertel. Laat dus die jongmans guns vind in u oë,

want ons het op 'n vrolike dag gekom. Gee asseblief wat u byderhand het aan u dienaars en aan u seun Dawid."

⁹ En die jongmans van Dawid het gekom en met Naḅal in naam van Dawid volgens al hierdie woorde gepraat en gewag.

¹⁰ Maar Naḅal het die dienaars van Dawid geantwoord en gesê: "Wie is Dawid, en wie is die seun van Jishai? Daar is vandag baie dienaars wat hulle elkeen losskeur van sy meester af.

¹¹ "Sou ek dan my brood en my water en my vleis wat ek vir my skeerders geslag het, neem en aan mans gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan kom nie?"

¹² En die jongmans van Dawid het omgedraai op hulle pad, hulle het teruggekeer en gekom en hom al hierdie woorde berig.

¹³ En Dawid het aan sy mans gesê: "Gord julle elkeen sy swaard aan!" Hulle het toe elkeen sy swaard aange Gord en Dawid het ook sy swaard aange Gord. En hulle het agter Dawid opgetrek, omtrent vier honderd man, en twee honderd het by die pakgoed gebly.

¹⁴ En een van die jongmans het Abigajil, die vrou van Naḅal, ingelig en gesê: "Kyk, Dawid het boodskappers uit die woestyn gestuur om ons meester te begroet, maar hy het op hulle geskree.

¹⁵ "Maar die mans was vir ons baie goed, en ons is nie beledig nie, en ons het niks vermis al die dae wat ons saam met hulle rondgetrek het toe ons in die veld was nie.

¹⁶ "Hulle was 'n muur om ons, snags sowel as bedags, al die dae wat ons die skape by hulle opgepas het.

¹⁷ "En nou, weetself en kyk wat u moet doen, want die teëspoed is vas besluit oor ons meester en oor sy hele huis, maar hy self is so 'n seun van Balijaal dat jy nie met hom kan praat nie."

¹⁸ Abigajil het toe gou twee honderd brode geneem en twee sakke wyn en vyf voorbereide skape en vyf mate gebraaide koring en honderd rosynekoekoekes en twee honderd vyekoekoekes en dit op donkies

gelaai.

¹⁹ En sy het aan haar jongmans gesê: "Trek voor my uit. Kyk, ek kom dadelik agter julle aan." Maar aan haar man Nabal het sy niks vertel nie.

²⁰ En dit het gebeur, terwyl sy op die donkie gery en in 'n kloof van die berg afgedaal het, dat Dawid en sy mans haar tegemoet gekom, en sy hulle ontmoet het.

²¹ En Dawid het gesê: "Net verniet het ek alles wat aan hierdie man behoort, in die woestyn beskerm, sodat daar nooit iets van sy goed vermis is nie. En hy vergeld my kwaad vir goed.

²² "Mag Elohim so aan die vyande van Dawid doen en nog meer, indien ek van almal wat aan hom behoort, teen môrelik een laat oorbly wat manlik is."

²³ En Abigajil het Dawid gesien, en sy het gou van die donkie afgeklim en voor Dawid op haar gesig neergeval en na die aarde toe gebuig.

²⁴ En sy het voor sy voete neergeval en gesê: "Op my, my meester, rus die skuld, maar laat u dienaress tog voor u ore praat, en luister na die woorde van u dienaress.

²⁵ "Ek smee my meester, moet hom tog nie steur aan daardie man van Balijaäl, aan Nabal nie. Want soos sy naam is, so is hy: Nabal^d is sy naam, en dwaasheid is by hom. Maar wat my betref, u dienaress het my meester se jongmans wat u gestuur het, nie gesien nie.

²⁶ "En nou, my meester, soos יהוה leef en u wese leef, dit is יהוה wat u terug-gehou het om in bloedskuld te raak en u met eie hand te help. Mag dan nou u vyande en die wat teëspoed soek teen my meester, soos Nabal word.

²⁷ "En laat nou hierdie geskenk wat u dienaress vir my meester gebring het, aan die jongmans gegee word wat op my meester se voetspore volg.

²⁸ "Asseblief, vergeef die oortreding van u dienaress, want יהוה sal sekerlik vir my meester 'n bestendige huis maak, omdat

my meester die oorloë van יהוה voer en in u hele lewe in u geen kwaad gevind is nie.

²⁹ "Indien 'n mens opstaan om u te agtervolg en u lewe te soek, mag die wese van my meester dan saamgebind wees in die bondeltjie van die lewendes by יהוה u Elohim, maar mag Hy die wese van u vyande uit die holte van die slinger wegslinger.

³⁰ "En wanneer יהוה aan my meester sal doen volgens al die goeie wat Hy aan u belooft het, en u aanstel as regeerder oor Jisra'ël,

³¹ dan sal daar vir u geen struikelblok en vir my meester geen gewetenswroeging wees dat u sonder oorsaak bloed vergiet het en my meester homself hulp verskaf het nie. En wanneer יהוה goed sal doen aan my meester, moet u, u dienaress ont-hou."

³² En Dawid het vir Abigajil gesê: "Geseënd is יהוה, die Elohim van Jisra'ël, wat jou vandag my tegemoet gestuur het!

³³ "En geseënd jou verstandigheid en geseënd jy self wat my vandag teëgehou het om in bloedskuld te raak en my met eie hand te help.

³⁴ "Maar soos יהוה, die Elohim van Jisra'ël, leef wat my verhinder het om aan jou kwaad te doen, indien jy my nie gou tegemoetgekome het nie, daar sou verseker van Nabal niemand wat manlik is, tot die môrelik oorgebly het nie!"

³⁵ En Dawid het uit haar hand ontvang wat sy vir hom gebring het, en vir haar gesê: "Gaan op in vrede na jou huis! Kyk, ek het na jou geluister en jou gesig aan-vaar."

³⁶ En Abigajil het by Nabal gekom, en kyk, hy het 'n fees in sy huis gehou soos die fees van 'n koning. En Nabal se hart was vrolik in hom, en hy was baie dronk. Daarom het sy hom niks, klein of groot, tot die môrelik vertel nie.

³⁷ En die môre toe die wyf Nabal verlaat het, het sy vrou hom dié dinge vertel, en sy hart het in sy binneste gesterf en hy was soos 'n klip.

^d Beteken: dwaas; dom; boos.

³⁸ En ná omtrent tien dae het יהוה Nabal getref, en hy het gesterf.

³⁹ En Dawid het gehoor dat Nabal dood was, en hy het gesê: “Geseënd is יהוה wat die regspraak, van my vernedering deur die hand van Nabal, verdedig het en sy dienaar weerhou het van die kwaad. יהוה het die kwaad van Nabal op sy eie kop laat neerkom.” En Dawid het na Abigajil gestuur en met haar gepraat om haar vir hom as vrou te neem.

⁴⁰ En die dienaars van Dawid het by Abigajil in Karmel gekom en met haar gepraat en gesê: “Dawid stuur ons na u om u vir hom as vrou te neem.”

⁴¹ En sy het opgestaan en met haar gesig na die aarde gebuig en gesê: “Hier is u dienaar as slavin om die voete van my meester se dienaars te was.”

⁴² Abigajil het gehaas en opgestaan, en op die donkie gery met haar vyf diensmeisies wat op haar voetspoor gevolg, en agter die boodskappers van Dawid aangegaan het. En sy het sy vrou geword.

⁴³ Dawid het ook Ahinoam uit Jisre'el geneem, en so het hulle albei sy vrouens geword.

⁴⁴ Maar Sha'ul het sy dogter Migal, die vrou van Dawid, aan Palti, die seun van Lajis, wat uit Gallim was, gegee.

26 En die Sifiete het na Sha'ul in Gib'a gekom en gesê: “Versteek Dawid hom nie op die heuwel Hagiła voor die wildernis nie?”

² En Sha'ul het opgestaan en afgetrek na die woestyn Sif, en saam met hom drie duisend uitgesoekte mans uit Jisra'el, om Dawid in die woestyn Sif te soek.

³ En Sha'ul het laer opgeslaan op die heuwel Hagiła wat voor die wildernis langs die pad lê, terwyl Dawid in die woestyn gebly het. en hy het gesien dat Sha'ul agter hom in die woestyn aangekom het.

⁴ En Dawid het verkeners uitgestuur en verneem dat Sha'ul verseker aankom.

⁵ En Dawid het opgestaan en by die plek gekom waar Sha'ul laer opgeslaan het. En Dawid het die plek gesien waar Sha'ul

gaan slaap het saam met Abner, die seun van Nër, sy leërowerste. Sha'ul het binne die laer geslaap, terwyl die mans rondom hom in die laer was.

⁶ En Dawid het met Ahiméleg, die Hétiet, gepraat en met Abishai, die seun van Tserúja, die broer van Joab, en gesê: “Wie sal saam met my afgaan na Sha'ul, na die laer toe?” En Abishai het gesê: “Ek sal saam met u afgaan.”

⁷ En Dawid het met Abishai in die nag by die mans gekom, en Sha'ul het daar gelê en slaap in die laer met sy spies by sy kop in die grond gesteek, en Abner en die mans het rondom hom gelê.

⁸ En Abishai het vir Dawid gesê: “Vandag het Elohim u vyand in u hand oorgegee. Laat ek hom tog nou met sy spies in een slag teen die grond vassteek en nie 'n tweede keer nie.”

⁹ Maar Dawid het vir Abishai gesê: “Moet hom nie vernietig nie, want wie slaan sy hand aan die gesalfde van יהוה en bly ongestraf?”

¹⁰ Dawid het ook gesê: “Soos יהוה leef, יהוה sal hom verseker slaan, of sy dag sal kom dat hy sterf, of hy sal aftrek in die geveg en omkom!

¹¹ “Mag יהוה my bewaar dat ek my hand aan die gesalfde van יהוה sou slaan! En nou, neem tog die spies en die waterkruik wat by sy kop is, en laat ons weggaan.”

¹² So het Dawid die spies en die waterkruik van Sha'ul se kop weggeneem, en hulle het gegaan. En niemand het dit gesien of geweet of wakker geword nie, want hulle was almal aan die slaap, omdat 'n diep slaap van יהוה op hulle geval het.

¹³ En Dawid het na die oorkant gegaan en op die kruin van die berg ver weg gaan staan, die afstand tussen hulle was groot.

¹⁴ En Dawid het na die mans en na Abner, die seun van Nër, geroep en gesê: “Antwoord jy nie, Abner?” En Abner het geantwoord en gesê: “Wie is jy wat na die koning roep?”

¹⁵ En Dawid het vir Abner gesê: “Jy is tog

‘n man, en wie is soos jy in Jisra’el? Waarom het jy dan nie by jou meester die koning wag gehou nie? Want een uit die volk het ingekom om die koning, jou meester, te vernietig.

¹⁶ “Hierdie ding wat jy gedoen het is nie goed nie! Soos יהוה leef, julle verdien die dood, omdat julle nie wag oor julle meester, oor die gesalfde van יהוה gehou het nie. En kyk nou, waar is die spies van die koning en die waterkrui wat by sy kop was?”

¹⁷ En Sha’ul het die stem van Dawid herken en gesê: “Is dit jou stem daar, my seun Dawid?” En Dawid het gesê: “My stem, my meester die koning!”

¹⁸ En hy het gesê: “Waarom agtervolg my meester sy dienaar tog? Want wat het ek gedoen? Of watter kwaad in my hand?”

¹⁹ “En nou, asseblief, laat my meester die koning luister na die woorde van sy dienaar: Indien יהוה u teen my aanhits, bied Hom dan ‘n offer aan. Maar indien dit mensekinders is, vervloek is hulle voor יהוה, omdat hulle my vandag verdryf, sodat ek my nie by die erfdeel van יהוה kan aansluit nie deurdat hulle sê: ‘Gaan weg, dien ander elohim!’

²⁰ “En nou, moenie my bloed op die aarde voor die gesig van יהוה laat val nie. Want die koning van Jisra’el het uitgetrek om een vlooi te soek, soos ‘n man ‘n patrys op die berge agtervolg.”

²¹ En Sha’ul het gesê: “Ek het gesondig. Kom terug, my seun Dawid. Want ek sal jou geen kwaad meer doen nie, omdat my lewe vandag kosbaar in jou oë was. Kyk, ek het dwaas gehandel en grootliks gedwaal.”

²² En Dawid het geantwoord en gesê: “Kyk, die spies van die koning! Laat een van die jongmans deurkom om dit te kry.

²³ “En laat יהוה elkeen sy regverdigheid en sy getrouheid vergeld, want יהוה het u vandag in my hand gegee, maar ek wou nie my hand teen die gesalfde van יהוה uitsteek nie.

²⁴ “En kyk, soos u lewe vandag in my oë kosbaar was, mag my lewe so in die oë

van יהוה kosbaar wees, en mag Hy my red uit elke benoudheid.”

²⁵ En Sha’ul het vir Dawid gesê: “Geseënd is jy, my seun Dawid! Jy sal groot dinge doen en verseker die oorhand kry!” Dawid het toe op sy pad gegaan, en Sha’ul het na sy plek teruggekeer.

27 En Dawid het in sy hart gesê: “Nou sal ek een van die dae deur die hand van Sha’ul vergaan. Daar is vir my niks goeds nie, tensy ek na die land van die Palishtim ontsnap. Dan sal Sha’ul opgee om my langer in die hele grondgebied van Jisra’el te soek, en ek sal uit sy hand ontsnap.”

² Dawid het toe opgestaan saam met die ses honderd man wat by hom was, en deurgetrek na Agish, die seun van Maog, die koning van Gat.

³ En Dawid het by Agish in Gat gebly, hy en sy mans, elkeen met sy huisgesin. Dawid met sy twee vrouens, Aḥinoam uit Jisre’el en Abigajil, die vrou van Naḅal, die Karmeliet.

⁴ En dit is aan Sha’ul vertel dat Dawid na Gat gevlug het, en hy het nie meer na hom gesoek nie.

⁵ En Dawid het vir Agish gesê: “Indien ek nou guns in u oë gevind het, laat hulle my asseblief ‘n plek gee in een van die plattelandse dorpe, dat ek daar kan woon. Want waarom sou u dienaar in die koninklike stad by u woon?”

⁶ En Agish het daardie dag Tsiklag aan hom gegee. Daarom behoort Tsiklag tot vandag toe aan die konings van Jahuda.

⁷ En die aantal dae wat Dawid in die land van die Palishtim gewoon het, was een jaar en vier maande.

⁸ En Dawid het met sy mans opgetrek, en hulle het die Geshuriete en die Girsiete en die Amalĕkiete oorval. Want hulle was van ouds die bewoners van die land in die rigting van Shur en tot aan die land van Mitsrajim.

⁹ En wanneer Dawid die land aangeval het, het hy geen man of vrou laat lewe nie, en kleinvee en beeste en donkies en

kamele en klere saamgeneem, en teruggegaan en by Agish gekom.

¹⁰ En Agish het gesê: “Waar het julle vandag 'n inval gedoen?” En Dawid het gesê: “In die Suide van Jahuda of in die Suide van die Jeragme'ëliete of in die Suide van die Këniëte.”

¹¹ Dawid het geen man of vrou laat lewe om na Gat te bring nie, want hy het gesê: “Anders sal hulle ons verklik en sê: ‘So het Dawid gedoen.’” En dit was sy manier al die dae wat hy in die land van die Palishtim gewoon het.

¹² En Agish het Dawid vertrou en gesê: “Hy het homself verseker by sy volk, by Jisra'ël, 'n stank gemaak en het vir altyd my onderdaan geword.”

28 En in dié dae het dit gebeur dat die Palishtim hulle leërs vir oorlog versamel het om teen Jisra'ël te veg. En Agish het vir Dawid gesê: “Jy weet seker dat jy saam met my in die leër moet uittrek, jy en jou mans.”

² En Dawid het vir Agish gesê: “Goed, u weet wat u dienaar kan doen.” En Agish het vir Dawid gesê: “Goed, ek sal jou vir altyd as my lyfwag aanstel.”

³ En Sh'mu'ël het gesterf, en die hele Jisra'ël het oor hom gerou, en hom in Rama, in sy stad begrawe. En Sha'ul het die mediums en die spiritiste uit die land verwyder.^e

⁴ En die Palishtim het versamel en gekom en laer opgeslaan in Shun'ēm. En Sha'ul het die hele Jisra'ël versamel, en hulle het laer opgeslaan by Gilbóa.

⁵ En toe Sha'ul die leër van die Palishtim gesien het, was hy bevrees, en sy hart het baie gebewe.

⁶ En Sha'ul het יהוה geraadpleeg, maar יהוה het hom nie geantwoord nie - nie deur drome en nie deur die Urim en nie deur die profete nie.

⁷ En Sha'ul het aan sy dienaars gesê: “Soek vir my 'n vrou wat 'n medium is, dat ek na haar kan gaan en haar raadpleeg.” En sy dienaars het vir hom

gesê: “Kyk, daar is 'n vrou, 'n medium, in En Dor.”

⁸ En Sha'ul het hom vermom en ander klere aangetrek en weggegaan, hy en twee mans saam met hom. En hulle het in die nag by die vrou aankom. En hy het gesê: “Voorspel deur 'n gees tog vir my en laat vir my opkom wie ek jou sal noem.”

⁹ Maar die vrou het vir hom gesê: “Jy weet tog self wat Sha'ul gedoen het, hoe hy die mediums en spiritiste van die land uitgeroei het. Waarom stel jy dan 'n strik vir my lewe om my dood te maak?”

¹⁰ En Sha'ul het vir haar by יהוה gesweer en gesê: “Soos יהוה leef, geen straf sal jou hieroor tref nie!”

¹¹ En die vrou het gesê: “Wie moet ek vir jou laat opkom?” En hy het gesê: “Laat Sh'mu'ël vir my opkom.”

¹² En toe die vrou Sh'mu'ël gesien het, het sy met 'n harde stem geskreeu. En die vrou het met Sha'ul gepraat en gesê: “Waarom het u my bedrieg? Want u is Sha'ul self!”

¹³ En die koning het vir haar gesê: “Moenie vrees nie. Wat het jy gesien?” En die vrou het vir Sha'ul gesê: “Ek sien elohim^f uit die aarde opkom.”

¹⁴ En hy het vir haar gesê: “Hoe lyk hy?” En sy het gesê: “'n Ou man kom op met 'n mantel om.” En Sha'ul het geweet dat dit Sh'mu'ël was, en hy het met sy gesig na die aarde toe gebuig en neer geval.

¹⁵ En Sh'mu'ël het vir Sha'ul gesê: “Waarom steur jy my deur my te laat opkom?” En Sha'ul het gesê: “Ek is baie benoud, want die Palishtim voer oorlog teen my, en Elohim het van my gewyk en antwoord my nie langer deur die diens van die profete en ook nie deur drome nie. Daarom het ek u geroep om my bekend te maak wat ek moet doen.”

¹⁶ En Sh'mu'ël het gesê: “Maar waarom vra jy my terwyl יהוה van jou gewyk en jou vyand geword het?”

¹⁷ “יהוה het dan vir Homself gedoen soos

^e Sien Deb 18:10-11

^f Sommige vertalings gebruik 'geeste'.

Hy deur my gesê het, en יהוה het die koningskap uit jou hand geskeur en dit aan jou naaste, aan Dawid, gegee.

¹⁸ "Omdat jy nie na die stem van יהוה geluister en Sy brandende toorn teen Amalék uitgevoer het nie, daarom het יהוה vandag die ding aan jou gedoen.

¹⁹ "En יהוה sal Jisra'ël ook saam met jou in die hand van die Palishtim gee. En môre sal jy met jou seuns by my wees. יהוה gee ok die leër van Jisra'ël in die hand van die Palishtim."

²⁰ En Sha'ul het oombliklik in sy volle lengte op die grond geval en baie gevrees deur die woorde van Sh'mu'ël. En daar was geen krag in hom nie, want hy het die hele dag en die hele nag geen brood geëet nie.

²¹ En die vrou het na Sha'ul gegaan en gesien dat hy baie verskrik was, en sy het vir hom gesê: "Kyk, u dienaars het na u geluister en my lewe gewaag en na u woorde geluister wat u aan my gesê het.

²² "En nou moet u self tog luister na u dienaars, en laat ek u 'n stukkie brood voorsit, en eet, dat daar krag in u kan wees wanneer u verder gaan."

²³ Maar hy het geweier en gesê: "Ek wil nie eet nie." Maar sy dienaars en die vrou ook het by hom aandrang. En hy het na hulle geluister en van die grond af opgestaan en op die bed gaan sit.

²⁴ En die vrou het 'n kalf in die stal by die huis gehad en dit gou geslag. En sy het meel geneem en geknie en ongesuurde brood daarvan gebak.

²⁵ En sy het dit voor Sha'ul gebring en voor sy dienaars, en hulle het geëet en opgestaan en dieselfde nag weggegaan.

29 En die Palishtim het hulle hele leër by Afëk versamel, terwyl Jisra'ël by die fontein wat by Jisre'ël is laer opgeslaan het.

² En die leiers van die Palishtim het by honderde en by duisende verbygetrek, maar Dawid en sy mans het in die agterhoede saam met Agish verbygetrek.

³ En die leiers van die Palishtim het gesê: "Waarom hierdie Ibrim?" En Agish het

aan die leiers van die Palishtim gesê: "Dit is net Dawid, die dienaar van Sha'ul, die koning van Jisra'ël, wat nou al dae of al jare by my is. En ek het vandat hy na my oorgekom geen fout in hom gevind nie, tot vandag toe."

⁴ Maar die leiers van die Palishtim het baie kwaad vir hom geword, en die leiers van die Palishtim het aan hom gesê: "Stuur die man terug, dat hy kan teruggaan na die plek wat u hom aangewys het, en laat hom nie met ons saam in die geveg aftrek, dat hy nie vir ons in die geveg 'n teëstander word nie. Want waarmee kan hierdie man hom in guns by sy meester bring? Is dit nie met die koppe van hierdie mans nie?"

⁵ "Is dit nie Dawid, van wie hulle in die danse gesing en gesê het: 'Sha'ul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tien duisende!' nie?"

⁶ En Agish het Dawid geroep en aan hom gesê: "Soos יהוה leef, jy is verseker opreg, en jou uitgang en jou ingang in die leër saam met my is goed in my oë. Want ek het geen kwaad in jou gevind van die dag dat jy na my gekom het tot vandag toe nie. Maar in die oë van die leiers is jy nie goed nie.

⁷ "En nou, draai om en gaan in vrede, en doen niks boos in die oë van die leiers van die Palishtim nie."

⁸ En Dawid het vir Agish gesê: "Maar wat het ek gedoen? Of wat het u in u dienaar gevind van die dag dat ek voor u was tot vandag toe, dat ek nie mag gaan veg teen die vyande van my meester die koning nie?"

⁹ Maar Agish het Dawid geantwoord en gesê: "Ek weet dat jy goed is in my oë soos 'n boodskapper van Elohim, maar die owerstes van die Palishtim het gesê: 'Hy mag nie met ons saam optrek in die geveg nie.'

¹⁰ "En nou, staan môre vroeg op met die dienaars van jou meester wat met jou saamgekom het. En wanneer julle môre vroeg op is, en dit lig word, gaan dan."

¹¹ En Dawid het vroeg opgestaan, hy en

sy mans, om in die môre te gaan, om terug te gaan na die land van die Palishtim, maar die Palishtim het na Jisre'ël opgegaan.

30 En toe Dawid met sy mans die derde dag by Tsiklag gekom het, het die Amalëkiete 'n inval in die suide en in Tsiklag gedoen, en hulle het Tsiklag verslaan en dit met vuur verbrand.

² En hulle het die vrouens en almal wat daarin was, gevange geneem, van die kleinste af tot die grootste. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar hulle weggevoer en verder gegaan.

³ En Dawid het met sy mans die stad ingekom, en gesien dat dit met vuur verbrand was, en hulle vrouens en hulle seuns en hulle dogters was as gevanges weggevoer.

⁴ En Dawid en die mans wat by hom was, het hulle stemme verhef en gehuil totdat daar geen krag meer in hulle was om te huil nie.

⁵ En Dawid se twee vrouens, Aḥinoam uit Jisre'ël, en Aḥigajil, die vrou van Naḅal, die Karmeliet, was ook as gevangenes weggevoer.

⁶ En Dawid was baie benoud, want die mans het gepraat om hom te stenig, want die wese van al die mans was verbitterd, elkeen oor sy seuns en sy dogters. Maar Dawid het homself versterk in יהוה sy Elohim.

⁷ En Dawid het vir Eḅjatar, die priester, die seun van Aḥiméleg gesê: "Bring asseblief die skouerkleed vir my hier." En Eḅjatar het die skouerkleed na Dawid gebring.

⁸ En Dawid het יהוה geraadpleeg en gesê: "Sal ek hierdie bende agtervolg? Sal ek hulle inhaal?" En Hy het vir hom gesê: "Agtervolg, want jy sal verseker inhaal en verseker red."

⁹ En Dawid het gegaan, hy met die ses honderd man wat by hom was, en hulle het by die spruit Besor kom, en die origes het agtergebly,

¹⁰ terwyl Dawid agtervolg het, hy met vier honderd man, terwyl twee honderd

man agtergebly het wat te moeg was om die spruit Besor deur te trek.

¹¹ En hulle het 'n man in die veld gevind, 'n Mitsrajiet, wat hulle na Dawid gebring het. En hulle hom brood gegee om te eet en water om te drink.

¹² En hulle het hom 'n stuk vyekoek en twee rosynekoeke gegee. En toe hy geëet het, het hy weer lewe gekry, want hy het drie dae en drie nagte geen brood geëet of water gedrink nie.

¹³ En Dawid het vir hom gesê: "Aan wie behoort jy en waar kom jy vandaan?" En hy het gesê: "Ek is 'n seun van Mitsrajim, die slaaf van 'n Amalëkiet, en my meester het my laat agterbly, omdat ek drie dae siek was.

¹⁴ "Ons het 'n inval in die suide van die Karëtiërs en in dié van Jahuda en in die suide van Kalëḅ gedoen, en Tsiklag met vuur verbrand."

¹⁵ En Dawid het vir hom gesê: "Kan jy my afneem na hierdie bende?" En hy het gesê: "Sweer vir my by Elohim dat u my nie sal doodmaak en my nie sal uitlewer in die hand van my meester nie, dan sal ek u afneem na hierdie bende."

¹⁶ En hy het hom afgeneem, en gesien hulle het daar verstrooid oor die oppervlakte van die hele land gelê, besig om te eet en te drink en fees te vier met die ganse groot buit wat hulle uit die land van die Palishtim en uit die land Jahuda saamgeneem het.

¹⁷ En Dawid het hulle verslaan van die aandskemering af tot die aand van die volgende dag. En niemand van hulle het ontsnap nie, behalwe vier honderd jongmans wat op kamele gespring en gevlug het.

¹⁸ En Dawid het alles gered wat die Amalëkiete saamgeneem het. Dawid het ook sy twee vrouens bevry.

¹⁹ Niks van hulle is vermis nie - klein of groot, seuns of dogters, of iets van die buit, niks van alles wat hulle vir hul saamgeneem het nie. Dawid het alles teruggebring.

²⁰ En Dawid het al die kleinvee en beeste

afgeneem. Hulle het hul voor die ander vee gedryf en gesê: "Dit is Dawid se buit."

²¹ En Dawid het by die twee honderd man gekom wat te moeg was om agter Dawid aan te gaan en wat hulle by die spruit Besor laat bly het. Hulle het uitgetrek, om Dawid te ontmoet en die mans wat by hom was, te ontmoet. En toe Dawid naby die mans gekom het, het hy hulle gegroet.

²² En al die bese mans en die mans van Balijaäl uit die mans wat met Dawid saamgegaan het, het geantwoord en gesê: "Omdat hulle nie met ons saamgegaan het nie, sal ons hulle nie van die buit wat ons afgeneem het, gee nie, behalwe hulle kan elkeen sy vrou en sy kinders saamneem en weggaan."

²³ Maar Dawid het gesê: "Julle mag nie so maak nie, my broers, met wat יהוה ons gegee het, en Hy het ons bewaar en die bende wat ons oorval het, in ons hand gegee.

²⁴ "En wie sou in hierdie saak na julle luister? Want soos die deel van die wat in die veeg aftrek, so is ook die deel van die wat by die pakgoed gebly het, hulle deel gelyk."

²⁵ En dit het gebeur van dié dag af en verder, ja, hy het dit as 'n wet en 'n regsreëling vir Jisra'ël vasgestel tot vandag toe.

²⁶ En toe Dawid in Tsiklag aangekom het, het hy van die buit aan die oudstes van Jahuda, sy stamgenote, gestuur en gesê: "Hier is 'n geskenk vir julle uit die buit van die vyande van יהוה."

²⁷ aan dié in Bēt-Ēl en aan dié in Ramot in die Suide en aan dié in Jattir

²⁸ en aan dié in Aro'ër en aan dié in Sifmot en aan dié in Estemóa

²⁹ en aan dié in Ragal en aan dié in die stede van die Jeragme'ëliete en aan dié in die stede van die Këniete

³⁰ en aan dié in Gorma en aan dié in Kor-Ashan en aan dié in Atag

³¹ en aan dié in Hebron en aan al die plekke waar Dawid, hy en sy mans, op en

af gegaan het.

31 En die Palishtim het teen Jisra'ël geveg, en die mans van Jisra'ël het voor die Palishtim gevlug, en gesneuwel op die berg Gilbóa.

² En die Palishtim het Sha'ul en sy seuns agtervolg. En die Palishtim het Jahonatan en Abinádab en Malkishúa, die seuns van Sha'ul, doodgeslaan.

³ En die veeg was swaar teen Sha'ul, en toe die boogskutters hom getref het, was hy swaar deur die skutters gewond.

⁴ En Sha'ul het aan sy wapendraer gesê: "Trek jou swaard en deurboor my daarmee, anders kom hierdie onbesnedenes en deurboor my en dryf die spot met my." Maar sy wapendraer wou nie, omdat hy baie bang was. Sha'ul het toe die swaard geneem en daarin geval.

⁵ En toe sy wapendraer gesien het dat Sha'ul dood was, het hy self ook in sy swaard geval en saam met hom gesterf.

⁶ So het Sha'ul en sy drie seuns en sy wapendraer, ook al sy mans op dieselfde dag almal saam gesterf.

⁷ En hulle, die mans van Jisra'ël wat oorkant die vlakke en wat oorkant die Jardën was, het gesien dat die mans van Jisra'ël gevlug het en dat Sha'ul en sy seuns dood was, en hulle het die stede verlaat en gevlug. En die Palishtim het gekom en daarin gaan woon.

⁸ En die Palishtim het die volgende dag gekom om die gesneuweldes te plunder, en hulle het Sha'ul en sy drie seuns gekry daar lê op die gebergte Gilbóa.

⁹ En hulle het sy kop afgekap en sy wapenrusting uitgetrek en woord deur die land van die Palishtim rondgestuur om dit aan te kondig in die huis van hulle idole en aan die volk.

¹⁰ En hulle het sy wapens in die huis van Ashtarot gelê, maar sy lyk teen die muur van Bēt-Shan vasgeslaan.

¹¹ En die inwoners van Jab'esh in Gil'ad het gehoor wat die Palishtim aan Sha'ul gedoen het,

¹² en al die dapper mans het opgestaan en die hele nag deur getrek, en hulle het

1 SH'MU'ĚL 31

die lyk van Sha'ul en die lyke van sy seuns van die muur van Bēt-Shan afgehaal en by Jabēsh gekom en hulle daar verbrand.

¹³ En hulle het hul beendere geneem en onder die tamarisk in Jabēsh begrawe en sewe dae lank gevas.